

**NG KERK IN OOS-KAAPLAND**

**SAKELYS  
VAN DIE BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE  
SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK  
IN OOS-KAAPLAND**

**PORT ELIZABETH : 26-28 JULIE 2005**

**INHOUDSOPGAWE**

	<u>Bladsy</u>
<b>A1</b> Verslag van die Ordekommissie / Ontwerpspan	1
<b>A2</b> Verslag van die Sinodale Kommissie - samestelling van die sakelys	5
<b>A2.1</b> Verslag van die Deskundige Lid vir Finansies	8
<b>A2.2</b> Verslag van 'n Ad Hoc Kommissie re strukturering en befondsing van sinodale funksies	10
<b>B</b> Beskrywingspunte	14
<b>C</b> Beskrywingspunte rakende Bepalings en Reglemente	15
<b>D</b> Bylaes	
<b>D1</b> Besluit van die Algemene Sinode 2004 oor Kerkhereniging	15
<b>D2</b> Besluit van Algemene Sinode 2002 oor Homoseksualiteit	19
<b>D3</b> Besluit van Algemene Sinode 2004 oor Homoseksualiteit	19
<b>D4</b> Formule vir Toekenning van Projekgelde aan Ringe	20
<b>D5</b> Die Bestuur van Ringsprojekte: Administratiewe Handleiding	21
<b>D6</b> Verklaring van die Algemene Sinode 2002	24
<b>D7</b> Geloofsverklaring van Sinode Oos-Kaapland Junie 2002	24
<b>D8</b> Sinodelied Oos-Kaapland	24
<b>D9</b> Lys van Afgevaardigdes	25
<b>D10</b> Program van werksaamhede	30
<b>E</b> Laat stukke	
<b>E1</b>	

**ORDEREËLINGS**

**A1 VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE / ONTWERPSPAN**

Die volgende aanbevelings word vir goedkeuring aan die vergadering voorgelê:

**1. VERGADERPLEK EN -TYD**

**1.1** Die vergadering word gehou by die Willows Vakansieoord, Marine Rylaan, Port Elizabeth vanaf 26 tot 28 Julie 2005.

**1.2** Registrasie vind op 26 Julie vanaf 11:00 tot 13:00 plaas in die groot vergadersaal van die konferensiesentrum.

**1.3** Middagete vir al die afgevaardigdes word op die eerste sittingsdag vanaf 13:00 by die konferensiesentrum bedien.

**1.4** Afgevaardigdes word vriendelik versoek om hul sitplekke teen 13:50 in te neem.

**2. DOEL**

**2.1** Die doel van die vergadering is onderskeiding van God se wil / roeping vir die bediening van die NG Kerk in Oos-Kaapland oor die volgende jaar of twee. Wat is dit wat die Here op sleutelgebiede deur ons wil doen? Waarheen nooi Hy ons om saam met Hom te gaan?

**2.2** Ander belangrike sake wat besluite verg, verskyn ook op die sakelys.

**3. OPENING EN KONSTITUERING**

**3.1** Die opening en konstituering van die vergadering word om 14:00 waargeneem deur die voorsitter van die Sinodale kommissie, ds EGJdeG Schutte.

**3.2** Die opening en volle vergadering vind in die groot vergadersaal in die konferensiesentrum van die Willows Vakansieoord plaas.

#### **4. ORDEKOMMISSIE / ONTWERPSPAN**

**4.1** 'n Ordekommissie, wat as Ontwerpspan optree, is as volg saamgestel: Ds Barnard Steyn (sameroeper); dr Jan Viljoen (logistiek); di Rethie van Niekerk (gebed); Arnold van der Westhuizen (spiritualiteit); Jaco Putter (pastoraat); Francois Esterhuizen (kleiner plattelandse gemeentes); Rudi Swanepoel (luisterspan); dr Chris van Wyk (proses) en ds Danie Mouton (kommunikasie, sakelys en notule).

#### **5. SITPLEKKE EN GROEPSINDELING**

**5.1** Die vergadering vind in groepsverband plaas. Afgevaardigdes ontvang hul groepsindeling en ander besonderhede by registrasie.

#### **6. SITTINGSURE**

**6.1** Die tydskedule van die vergadering is as volg:

		Dins	Woen	Don
<b>Ontbyt</b>	07:00 - 08:15		X	X
<b>Dagwyding</b>	08:30 - 09:00		X	X
<b>Oggendsitting 1</b>	09:00 - 10:30		X	X
<b>Teepouse</b>	10:30 - 11:00		X	X
<b>Oggendsitting 2</b>	11:00 - 13:00		X	X
<b>Middagete</b>	13:00 - 14:00	X	X	X
<b>Middagsitting 1</b>	14:00 - 15:30	X	X	
<b>Koffiepouse</b>	15:30 - 16:00	X	X	
<b>Middagsitting 2</b>	16:00 - 18:00	X	X	
<b>Aandete</b>	18:00 - 19:00	X	X	
<b>Aandsitting</b>	19:00 - 20:30	X	X	
<b>Dagsluiting</b>	20:30	X	X	
<b>Tydlike Komm</b>	20:45	X	X	

**6.2** Die sinode sluit Donderdagmiddag om 13:00 af, waarna die middagete in die vorm van kospakkies beskikbaar sal wees.

#### **7. PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE**

**7.1** Die Ordekommissie / Ontwerpspan het die Program van Werkzaamhede voorberei na aanleiding van 'n raamwerk wat deur die onlangse Bosberaad voorsien is, en met enkele bykomende sake wat deur die Sinodale Kommissie goedgekeur is.

**7.2** Die Program van Werkzaamhede bring u op hoogte van die program en wyse van werkzaamheid en is as **Bylaag D10** hierby aangeheg.

#### **8. KLEREDRAG**

**8.1** Dit word van afgevaardigdes verwag om te alle tye geklee te wees in drag wat by die geleentheid pas (Regl 1.7).

**8.2** Die Ordekommissie interpreteer Regl 1.7 in die lig van die vergaderplek en beveel aan dat die drag gemaklik sal wees.

#### **9. AKKOMMODASIE / ETES / VERVERSINGS**

**9.1** Die Direkteur Administrasie tree as logistieke koördineerder van die Ontwerpspan op en het die reëlins getref. Hy hanteer ook die navrae in hierdie verband.

**9.2** Afgevaardigdes van buite Port Elizabeth word op die terrein van Willows Vakansieoord op koste van die vergadering gehuisves. Die sinode huur die hele kampterrein. Waar afgevaardigdes hul eie, alternatiewe akkommodasie reëlins tref, sal dit dus volledig vir hul eie rekening wees.

**9.3** Afgevaardigdes vanaf Port Elizabeth word versoek om tuis te oornag weens die beperkte aantal oorslaapperiewe. Daar sal reiskoste vir hierdie afgevaardigdes betaalbaar wees.

**9.4** Alle etes en verversings word op koste van die vergadering voorsien. Etes begin met die middagete van 26 Julie en eindig weer met middagete op 28 Julie. Port Elizabeth-afgevaardigdes word ingesluit om al die etes (ook ontbyt) saam met die ander afgevaardigdes te geniet.

**9.5** Afgevaardigdes wat van ver kom, mag verkies om reeds die Maandagaand en steeds die Donderdagaand by Willows te oornag. Hierdie persone moet vooraf met die Direkteur Administrasie skakel sodat die nodig reëlins getref kan word. **Keerdatum: 12 Julie 2005.**

#### **10. VOORBEREIDING VAN SAKELYS**

**10.1** Die sakelys is deur die skriba van die Sinodale Kommissie voorberei en gedupliseer en versend deur die kantoor van die Direkteur Administrasie ten einde afgevaardigdes nie later as 26 Junie 2005 te bereik nie.

**10.2** Die sakelys sal tydens die vergadering as gelese beskou word. Berei dus asseblief noukeurig voor.

#### **11. VOORBIDDING VIR DIE SINODE**

**11.1** Gemeentes is opgeroep om op Sondag, 3 Julie voorbidding te doen vir die sinode. 'n Versoek is ook gerig om vanaf 19 Junie by elke oggenddiens in die voorbidding aan die sinode te dink.

**11.2** Daar word 'n gebedspan saamgestel om voor en tydens die sinode voorbidding te doen. Die bedoeling is dat 'n gebedskoördineerder uit elke gemeente as skakelpersoon tussen die Ontwerpspan en gemeentelike voorbidders optree. Ds Rethie van Niekerk tree as sameroeper op.

**11.3** Daar word ook 'n gebedslokaal op die Willows Vakansieoord ingerig waar plaaslike voorbidders vir die vergadering-in-sitting sal bid.

### 12. SPREKERS

**12.1** Die Ontwerpspan reël met enkele sprekers van buite wat die werksaamhede van die vergadering dien.

**12.2** Daar is toestemming verleen aan mnr Mike Burnard van Geopende Deure om afgevaardigdes (op vrywillige basis) op 27 Julie tydens middagete toe te spreek. Dit handel oor 'n sendingkonsultasie met internasionale sprekers, wat vir Port Elizabeth beplan word.

### 13. PASTORALE SPREEKKAMER

**13.1** Ds Jaco Putter is tydens die sinode beskikbaar vir pastorale berading met enige van die afgevaardigdes wat 'n behoefte daarvoor het. Moontlik is daar veral leraars wat hiervan gebruik wil maak.

**13.2** U is welkom om reeds vooraf met hom 'n afspraak te maak, of selfs tydens die sitting. Skakel of SMS Jaco by 082 563 1616 of by [jacoputter@intekom.co.za](mailto:jacoputter@intekom.co.za).

### 14. JONGMENSE

**14.1** Die Sinodale Kommissie het ook besluit dat jongmense baie welkom is om die sinode by te woon en in te skakel by die gesprek. Die enigste twee reëlins is:

**14.1.1** Gee asseblief die name teen 12 Julie aan die skriba deur, en

**14.1.2** Onthou dat die koste ook in hierdie geval R950 per persoon beloop.

### 15. AANBEVELINGS IN VERSLAE

**15.1** Voorstelle met finansiële implikasies word voor behandeling vir advies na die Tydelike Kommissie vir Fondse verwys.

**15.2** Voorstelle met kerkordelike- en regs-implikasies word voor behandeling vir advies na die Tydelike Regskommissie verwys.

### 16. HANTERING VAN DIE NOTULE / HANDELINGE

**16.1** Die notule word deur die Notulekommissie versorg en sal net na afloop van die vergadering deur die Sinodale Kommissie goedgekeur word.

**16.2** Na goedkeuring deur die SK word die notule as deel van die Handelinge na gemeentes versend vir die aandag van die afgevaardigdes.

### 17. DIREKTEUR ADMINISTRASIE

**17.1** Die Direkteur Administrasie is adviserend in die vergadering en by die Tydelike Kommissies teenwoordig.

### 18. REISKOSTE EN DAGGELDE

**18.1** Die koste van die sinode beloop R950 per afgevaardigde en is deur kerkrade vir elke afgevaardigde betaalbaar.

**18.2** Eisvorms vir reiskoste word by registrasie aan lede beskikbaar gestel en as deel van die registrasieproses voltooi en ingedien. *Weens die kort duur van die vergadering sal geen eise wat later as 14:00 op 26 Julie 2005 ontvang word, verwerk kan word nie.*

**18.3** Die volgende reiskoste is betaalbaar: een motor per gemeente vir elke vier afgevaardigdes, na en van Port Elizabeth.

**18.4** Afgevaardigdes van Port Elizabeth word ook op 'n vaste basis vergoed vir reiskoste.

**18.5** In die lig van punt 9.4 word geen daggelde uitbetaal nie.

### 19. AFKONDIGINGS

**19.1** Die skriba en Notulekommissie keur en hanteer alle afkondigings.

### 20. VERLOF VIR AFWESIGHEID

**20.1** Aansoeke om afwesigheid word by die skriba en Notulekommissie ingedien, wat dit daagliks aan die vergadering voorlê, waarna dit in die notule gepubliseer word.

### 21. GROEPLIERS / LUISTERSPAN

**21.1** Die afgevaardigdes is in groepe verdeel ten einde maksimum deelname aan die besprekings ter vergadering te bevorder.

**21.2** Groepleiers is aangewys en ontvang toerusting op Dinsdagoggend, 26 Julie, vanaf 11:00 - 13:00.

**21.3** 'n Luisterspan, wat insette van groepe saamvat en aan die vergadering voorlê, word saamgestel.

### 22. TYDELIKE KOMMISSIES

**22.1** Die Tydelike Kommissies is deur die Ordekommissie / Ontwerpspan saamgestel uit die afgevaardigdes (Bep 35.7). Aangesien hierdie 'n buitengewone sinodale vergadering is, is slegs dié tydelike kommissies wat vir die doeleindes van die vergadering nodig is, aangewys.

**22.2** 'n Sameroeper verantwoordelik vir die kon-

stituering van die kommissie, is benoem. Nadat die kommissie gekonstitueer het, kies hy sy voorsitter en skriba.

**22.3** Die skriba van elke Tydelike Kommissie besorg sy kommissie se verslag/e aan die Notulekommissie wat dit in samewerking met die skriba van die sinode nasien, versorg en laat dupliseer.

**22.4** Alle voorstelle, besluite of beskrywingspunte met finansiële of regsimplikasies word na onderskeidelik die Tydelike Kommissie vir Fondse en die Tydelike Regskommissie verwys. Voorstellers het die reg om hul aanbeveling by die Tydelike Fondsekommissie / Tydelike Regskommissie te motiveer.

### **22.5 Tydelike Kommissie vir die Notule / Sakeregister / Besluite aan Kerkrade**

#### **22.5.1 Samestelling**

Di DW Mouton (sameroeper), L van Vuuren, HJ Alberts, EH Ferreira, J van der Westhuizen, TL Wait en dr A Oliphant.

**22.5.2** Hierdie kommissie vergader op Dinsdag 26 Julie om 10:00 by die moderatuurstafel.

### **22.6 Tydelike Regskommissie**

#### **22.6.1 Samestelling (Bep 35.7.1)**

Dr S du Toit (sameroeper), di WA van Zyl, AC van der Westhuizen, JM Wolmarans, WPM van Niekerk, oudle S Francis, A Strydom, J Beukes, JZ du Plessis en TP van der Mescht.

**22.6.2** Hierdie kommissie vergader om 12:00 op Dinsdag 26 Julie in lokaal 1, op die stoep langs die eetkamer.

### **22.7 Tydelike Fondsekommissie**

#### **22.7.1 Samestelling (Bep 35.7.2)**

Leraars: Di CH van Heerden (sameroeper), JM Wolmarans, FJ Greeff, JN Taljaard, SJ Pretorius, JWE Esterhuysen, DF Oeloefse, AP Coetzee, B Peters, EH Avis, JPL van Straaten, AGH Lötter en TJ van Schoor.

Kerkraadslede: FvZ Bakkes, SE Phillipson, FD Terblanche, UQ Swart, PW Engelbrecht, EJ Langenhoven, L Kapp, V Schäfer, CSA Lottering, PM Greyling, JFK Marais, WJ Bachuis, WH Lane.

**22.7.2** Hierdie kommissie vergader op Dinsdag 26 Julie om 10:00 in lokaal 2, op die stoep langs die eetkamer.

### **22.8 Tydelike Kommissie vir Algemene Sake**

#### **22.8.1 Samestelling**

Ds EGJdeG Schutte (sameroeper), dr ACV van Wyk, ds DW Mouton, dr LM Steenkamp, ds E

Bester, oudl C Veldsman, oudl (ds) GJ Retief

**22.8.2** Hierdie kommissie vergader indien en wanneer nodig.

### **22.9 Stemmetellers**

#### **22.9.1 Samestelling**

Di JP Bekker (sameroeper), JH Wessels, D Higgs, FE Marais, N Weeber, HN Strydom, HJ Roberts.

**22.9.2** Die kommissie is ook verantwoordelik vir die uitdeel van alle stukke.

**22.9.3** Hierdie kommissie vergader op Dinsdag 26 Julie 2005 om 12:00 by die moderatuurstafel

## **23. SKAKELING MET DIE MEDIA**

**23.1** Skakeling met die media word by hierdie buitengewone sinode deur die lede van die moderatuur hanteer.

## **24. DAGWYDINGS EN DAGSLUITINGS**

**24.1** Ds Arnold van der Westhuizen neem oorhoofs as lid van die Ontwerpspan verantwoordelikheid vir dagwydings en - sluitings

## **25. UITSTALLINGS / BOEKVERKOPE**

**25.1** Toestemming is op versoek aan Lux Verbi, CUM Boeke en CLF verleen om uitstallings tydens die sinode te hou en hul produkte te koop aan te bied.

**25.2** CLF se aanbod om lêers met materiaal beskikbaar te stel, is met dank aanvaar.

**25.3** Toestemming is aan CLF verleen om hul promosievideo van 3 minute net na die middag koffiepouse op 26 Julie te vertoon.

## **26. TELEFOON- EN BOODSKAPDIENS**

**26.1** Afgevaardigdes word versoek om hul selfone afgeskakel te hou tydens die vergaderingsessies.

**26.2** Boodskappe vir afgevaardigdes kan te enige tyd tussen 08:30 tot 21:00 by een van die volgende nommers gelaat word:

- 082 577 7918, of
- 084 599 1188.

Boodskappe sal onverwyld aan afgevaardigdes oorgedra word.

## **27. NOODHULP EN MEDIESE DIENSTE**

**27.1** Basiese noodhulpbenodigdhede is voortdurend beskikbaar. Kontak dr Jan Viljoen of mev Nellie Westraadt indien u hiervan gebruik wil maak.

**27.2** Daar is met die volgende dokters gereël om

vir die duur van die vergadering op bystand te wees: André Killian, Petra Conradie en Louis Visser. Hul praktyk is in Somerstrand te Negende Laan 6, telefoon 583 2121.

**27.3** In die geval van dringende nooddienste kan die Netcare Ambulansdiens by 082 911 geskakel word.

**27.4** Vir na-uurse mediese aandag kan u die PE Groepspraktyk skakel (wat 'n deurnagdiens by Optimed in Kaapweg - oorkant Makro - en by die ongevalle afdeling van Greenacres Hospitaal bedryf) - tel 041 365 3304 (Optimed) en 390 7000 of 390 7272 (Greenacres).

**27.5** Mediese dienste sal in alle gevalle vir die rekening van die betrokke pasiënt (afgevaardigde) wees.

## **28. AFSLUITING**

**28.1** Die afsluiting sal op Donderdag 28 Julie deur die onder-voorsitter waargeneem word.

## **29. REKENAARS EN ANDER TEGNIESE TOERUSTING**

**29.1** Die notulekommissie tref in samewerking met die Direkteur Administrasie, di Heinrich Alberts, Jan Kampman en Gielie Noeth alle reëlins.

## **30. FASILITERING**

**30.1** 'n Onafhanklike fasiliteerder van buite die sinodale gebied hanteer die fasilitering tydens die vergadering.

## **31. SLOT**

**31.1** Die Kommissie bid die sinode 'n geseënde vergadering toe.

Ds BIC Steyn  
Ds Danie Mouton  
Ordekommissie / Ontwerpspan

## **SINODALE KOMMISSIE**

### **A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE RAKENDE DIE SAMESTELLING VAN DIE SAKELYS**

Geagte voorsitter, susters en broers,

Die Sinodale Kommissie (SK) het op 14 April 2005 die sakelys vir hierdie buitengewone Sinode vasgestel, en dit met volmag aan die SK-Dagbestuur opgedra om latere moontlike dringende sake op die sakelys te plaas (SK-Notule 2005-04-14 pt 4.3.2).

Hierdie verslag stel die sakelys aan die orde.

### **1. SAKE UIT DIE BOSBERAAD**

**1.1** 'n Bosberaad, bestaande uit die lede van die SK en die dertien Ringskommissies, het van 12 tot 14 April 2005 te Lekkerood, Oos-Londen, vergader om die roeping van die NG Kerk in Oos-Kaapland in afhanklikheid van die Here, omgang met die Woord, nadenke, besinning en gebed te onderskei.

**1.2** Tydens die Bosberaad is daar gefokus op die kerklike konteks (Kerkspieël), die Oos-Kaapse konteks waarin ons geroep is om kerk te wees, die Woord (Jeremia 29 het 'n beslissende rol gespeel), gesprek en gebed.

**1.3** Die uitkoms van die Bosberaad was dat ons kerk op hierdie stadium in ons omgewing geroepe is om aan die volgende aandag te gee (direkte aanhaling uit die SK-Notule van 14 April 2005):

**4.2.1.1** Geloofsbelydenis – wat glo ons oor God in hierdie tyd en vir hierdie konteks;  
**4.2.1.2** Tuiskoms – ons leef en werk in hierdie konteks;  
**4.2.1.3** Heiligheid – ons is God se mense in hierdie konteks, ons is Israel;  
**4.2.1.4** Brood – die bediening van brood, hoop, lewensmoontlikhede;  
**4.2.1.5** Families – herstel van die vesel van die samelewing, sodat daar mense van geloof sal wees sodra die 70 jaar in Babel verby is;  
**4.2.1.6** Gestuurdheid - as geroepenes van God, gefokus op die situasies en plekke waarheen Hy ons stuur.  
... deur ...  
**4.2.1.7** Predikanteversorging;  
**4.2.1.8** Gelowiges in hulle dienswerk te help;  
**4.2.1.9** Ekumenies saam te werk;  
**4.2.1.10** Ons middele en potensiaal tot diens te stel in vennootskappe met ander rolspelers (gemeentes en instellings);  
**4.2.1.11** Vrymoedig na mekaar te luister en met mekaar te bly praat.

#### 1.4 AANBEVELING

Die vergadering neem kennis dat die Ontwerp-span hierdie temas en aspekte vir bespreking in die skema van werksaamhede verreken het.

### 2. WYSIGING VAN DIE KERKORDE ARTIKEL 44.1

2.1 Tydens die Algemene Sinode van 2004 is besluit om voor te stel dat die huidige KO Art 44.1, wat tans as volg lui:

*(Bestaande) 44.1* Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederde-meerderheid ten gunste daarvan gestem het.

gewysig word om as volg te lees:

*(Nuwe) 44.1* Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én tweederdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan gestem het.

2.2 Hierdie nuwe Artikel 44.1 word van krag nadat al die sinodes hierdie wysiging met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan gestem het.

#### 2.3 AANBEVELING

Die sinode keur die nuwe formulering van Artikel 44.1 goed.

### 3. BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINO- DE 2004 OOR KERKHERENIGING

3.1 Die Algemene Sinode het in 2004 'n omvattende beleidsbesluit oor kerkhereniging geneem, waarin die voorneme uitgespreek is om sinodes en kerkrade oor hierdie saak te konsulteer (vergelyk pt 13.2 van die besluit).

3.2 Hierdie besluit is as **Bylaag D1** by die sakelys ingebind.

3.3 Die Moderamen van die Algemene Sinode het besluit om streeksinodes te versoek om kommentaar, voorstelle en wenke oor die besluit aan die Moderamen voor te lê.

#### 3.4 AANBEVELING

Die vergadering spreek hom deur 'n proses van fasilitering uit oor die Algemene Sinode 2004 se besluit insake Kerkhereniging.

### 4. BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINO- DE OOR HOMOSEKSUALITEIT

4.1 Die Algemene Sinode het in 2002 en 2004 bepaalde besluite oor homoseksualiteit geneem.

4.2 Die 2002-besluit is (volledigheidshalwe) as **Bylaag D2** en die 2004-besluit (die eintlike basis van die gesprek) as **Bylaag D3** aangeheg.

#### 4.3 AANBEVELING

Die sinode voer gesprek oor die besluite van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit.

### 5. TERUGVOER: ALGEMENE PREDI- KANTE-VERGADERING

5.1 'n Algemene Predikantevergadering word van 20-22 Junie 2005 in Bloemfontein gehou.

#### 5.2 AANBEVELING

Die sinode gee geleentheid vir refleksie en terugvoer oor die Algemene Predikante-Vergadering.

### 6. RINGSPROJEKTE: FORMULE VIR PROJEKGELD-TOEKENNINGS EN ADMINISTRATIEWE HANDLEIDING

6.1 'n Formule vir Ringsprojekgeld-toekennings aan Ringe is deur die SK-Dagbestuur saamgestel op grond van insette deur die aktuaris en die Begeleidingsnetwerk. Dit is aangeheg as **Bylaag D4**.

#### 6.2 AANBEVELING

Die sinode keur **Bylaag D4** goed as riglyn vir gebruik in die proses van die toekenning van ringsprojekgelde.

6.3 Die Direkteur Administrasie het 'n administratiewe handleiding saamgestel vir die bestuur van ringsprojekte. Dit is aangeheg as **Bylaag D5**.

#### 6.4 AANBEVELING

Die sinode keur **Bylaag D5** goed as riglyn vir die bestuur van ringsprojekte.

### 7. TERUGVOER: SEISOEN VAN LUISTER

7.1 Die Moderamen van die Algemene Sinode neem 'n opwindende inisiatief rondom die implementering van 'n Seisoen van Luister in die NG Kerk.

#### 7.2 AANBEVELING

Die sinode luister na 'n inset oor die seisoen van luister deur ds Rethie van Niekerk, die sinode se verteenwoordiger by hierdie inisiatief.

### 8. SKRYWE: FINANSIËLE NOOD VAN DIE NOORD-OOSKAAP

8.1 'n Skrywe is van die Ringe van Burgersdorp en Dordrecht ontvang in verband met die kwynende finansiële posisie in die Noord-Ooskaap.

8.2 Hierdie skrywe dien as **Beskrywingspunt B1** voor die vergadering.

#### 8.3 AANBEVELING

Die vergadering neem 'n besluit oor **Beskrywingspunt B1**.

## **9. SKRYWE: SENTRALE SALARISSTELSEL**

**9.1** Die Ring van Queenstown het 'n skrywe in verband met 'n sentrale salarisstelsel aan die SK gerig. Die SK het reeds aan 'n ad hoc kommissie, bestaande uit die DA, DL Finansies, ds F Esterhuizen en oudl FvZ Bakkes, opdrag gegee om 'n sentrale salarisstelsel te ondersoek.

**9.2** Hierdie skrywe kom as Beskrywingspunt B2 onder die aandag van die vergadering.

### **9.3 AANBEVELINGS**

**9.3.1** Die sinode neem kennis dat dit nie prakties moontlik was om reeds by hierdie buitengewone sinode 'n aanbeveling oor 'n sentrale salarisstelsel voor te lê - soos Beskrywingspunt B2 vra nie.

**9.3.2** Die sinode kondoneer die SK se opdrag aan 'n ad hoc kommissie om 'n aanbeveling oor 'n sentrale salarisstelsel te formuleer, met die oog op voorlegging aan die volgende gewone sinodale vergadering.

## **10. SKRYWE: HEFFINGS EN SAMESTELLING VAN DIE SK**

**10.1** 'n Skrywe is van die Ring van Queenstown ontvang in verband met heffings en die aanwys van ringsverteenvoorders.

**10.2** Hierdie skrywe dien as **Beskrywingspunt B3** voor die vergadering.

### **10.3 AANBEVELING**

Die vergadering neem 'n besluit oor **Beskrywingspunt B3**.

## **11. HULP AAN GEMEENTES OM LERAARS TE BEKOSTIG**

**11.1** Die Sinodale Kommissie het 'n voorstel geformuleer oor finansiële ondersteuning aan gemeentes ten einde predikante te bekostig, wat as **Beskrywingspunt B4** op die sakelys verskyn.

### **11.2 AANBEVELING**

Die vergadering neem 'n besluit oor **Beskrywingspunt B4**.

## **12. SKRYWE: KERKORDE REGLEMENT 8, PUNT 8**

**12.1** Die Ring van Queenstown het 'n skrywe in verband met KO Regl 8 pt 8 aan die SK gerig.

**12.2** Hierdie skrywe kom as **Beskrywingspunt C1** onder die aandag van die vergadering.

### **12.3 AANBEVELING**

Die vergadering neem 'n besluit oor **Beskrywingspunt C1**.

## **13. FINANSIËLE VERSLAE**

### **13.1 Verslag Deskundige Lid Finansies**

**13.1.1** Die SK het besluit om 'n finansiële verslag deur die DL Finansies, ds Christo van Heerden, oor die 2004/5 boekjaar aan die sinode voor te lê. U vind dit onder punt A2.1 in die sakelys.

#### **13.1.2 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis van die finansiële verslag (A2.1) van die DL Finansies.

### **13.2 Sinodale Funksies: Strukturering en Befondsing**

**13.2.1** Daar is aan 'n ad hoc kommissie, bestaande uit dr Jan Viljoen (DA), di Christo van Heerden (DL Finansies), Martin Steyn en Danie Mouton opdrag gegee om 'n verslag voor te berei rondom die sinodale funksies en die strukturering en befondsing daarvan. U vind die verslag aangeheg onder punt A2.2.

#### **13.2.2 AANBEVELING**

Die sinode bespreek **Verslag A2.2** en hanteer die aanbevelings daarin vervat.

## **14. DRINGENDE SAKE UIT DIE KERKVERBAND**

**14.1** Gegewe die vloeibare, dinamiese en onvoorspelbare tyd waarin ons leef, het die SK besluit om pro-aktief op die sakelys voorsiening te maak vir die hantering van dringende sake uit die kerkverband, indien enige sodanige saak(e) na vore mag kom.

### **14.2 AANBEVELING**

Die vergadering hanteer dringende sake uit die kerkverband wat die aandag van die vergadering mag vra, op aanbeveling van die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake.

## **15. SLOT**

**15.1** Die SK bly verwonderd voor die Here staan vir die wyse waarop Hy sy kerk dra en op nuwe weë lei om in nuwe, uitdagende tye steeds as getroue dissipels van Jesus Christus sout en lig vir die wêreld te wees.

EGJdeG Schutte - Voorsitter

DW Mouton - Skriba

**A2.1 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR FINANSIES VIR DIE JAAR GE-ËINDIG 28 FEBRUARIE 2005**

**1. INLEIDING**

1.1 Ten opsigte van die afgelope jaar kan ek weer met groot dankbaarheid teenoor die Here vir Sy wonderlike seën en leiding, 'n baie positiewe verslag aan u voorlê.

**1.2 Deur middel van:**

1.2.1 Die interne beheermaatreëls, die sinodale kommissie se omsigtige bestuur van uitgawes binne die perke van die sinode se begroting en bekwame oorhoofse bestuur; en

1.2.2 Die goeie samewerking van gemeentes, kerkrade en skribas/kassiere;

kan ek met vrymoedigheid die mening uitspreek dat ook die 2005 finansiële jaar 'n suksesvolle jaar was.

1.2.3 Soos met die vorige jaar, som ek graag sekere van die finansiële en administratiewe hoogtepunte van die finansiële jaar op:

**2. ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE:**

2.1 Onder leiding van die Direkteur Administrasie en sy personeel, wat verantwoordelik is vir die oorhoofse bestuur van die sinode se finansiële en administratiewe funksies, is die rekenkundige funksies en beheer oor die sinode se fondse en bates gehandhaaf. Waar nodig, is verdere uitbreidings aan die registers gedoen ten einde aanbevelings van die sinode se ouditeure te implementeer.

2.2 Die gevestigde prosedures met betrekking tot maandelikse verslae wat steeds gehandhaaf word, het ook die kultuur van gedissiplineerde besteding verder versterk. Sodoende word behoorde aanwending van sinodale fondse verseker.

2.3 Die Administratiewe Personeel bestaan tans uit die volgende persone:

Direkteur Administrasie - Dr J.W.J. Viljoen  
 Interne rekenmeester - Mev T. Botha  
 Sekretaresse - Mev P.H. Westraadt

**3. VASTE EIENDOM**

3.1 Die Sinodale Sentrum is reeds verkoop maar die oordrag het nog nie plaasgevind nie, en om hierdie rede verskyn die Sinodale Sentrum steeds as vaste bate op die balansstaat. Okkupasiehuur van R 351 504 is gedurende die jaar ontvang.

**4. FONDSE**

4.1 Eie fondse van die sinode bestaan dus uit daardie opgehoopte algemene fondse wat uit jaarlikse aktiwiteite oorgehou en na toekomstige periodes oorgedra word, ten einde die sinode se aktiwiteite voort te sit. Soos op 28 Februarie 2005 het die sinode vryelik oor die volgende fondse beskik:

<b>Fondse van die Sinode</b>	<b>2005 R</b>	<b>2004 R</b>
<b>Kapitaalfondse</b>		
Opgehoopte Algemene Fondse	1 719 076	1 433 369
Sinodale Bystandsfonds	10 257 218	10 227 781
Sinodale Hulpfonds	393 628	229 182
	<b>12 369 922</b>	<b>11 890 332</b>

	<b>2005 R</b>	<b>2004 R</b>
<b>Bates waarin Fondse belê is</b>		
Vaste Bates	2 526 456	2 547 150
Debiteure en Ander	82 171	144 610
Kontantbeleggings	7 437 055	6 746 695
Kontant in Bank	191 240	2 451 877
	<b>12 369 922</b>	<b>11 890 332</b>

4.2 Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die totale fondse van die sinode gedurende die jaar onder beskouing met 'n bedrag van R479 590 toegeneem het.

**5. ALGEMENE OPMERKINGS**

5.1 Die Sinodale Hulpfonds is tot stand gebring met die doel om kapitaal beskikbaar te stel aan ringe wat verdienstelike projekte in diens van die Koninkryk aanpak. Indien daar oorbruggingskapitaal benodig word sal dit ook uit die Fonds voorsien word.

5.2 Trustfondse word nie as deel van die Sinodale Bystandsfonds bestuur nie. Die Sinodale Bystandsfonds is daar gestel vir die bestryding van die koste van die Sinode soos bepaal in riglyne wat deur die Sinode / Sinodale kommissie vasgestel word. Die Fonds sal gevoed word deur sy eie groei (rente en ander winste) en die oorskotte op die jaarlikse begroting. Slegs die rente verdien op die SBF mag aangewend word om die begroting van die Sinode te befonds.

**6. TERUGBLIK**

6.1 Uit die onderstaande tabel (sien volgende bladsy) word die gesonde tendens in die sinode se finansiële omstandighede oor die afgelope vyf jaar weerspieël.



## Sakelys van die Buitengewone Sinode : 26-28 Julie 2005

Ontleding van Finansiële State	2005	2045	2003	2002	2001
	R	R	R	R	R
Sinodale Dankoffers	880 000	679 998	-	-	-
Sinodale bydraes	47 704	82 019	1 296 897	1 457 873	1 510 832
Sinodale kollektes	177 952	178 733	197 625	217 259	176 487
Spesiale kollektes	64 601	45 188	46 868	48 019	68 016
Rente op beleggings	820 304	1 047 199	711 144	687 153	699 115
Ander inkomstes	<u>392</u> <u>779</u>	<u>1 049</u> <u>096</u>	<u>729</u> <u>618</u>	<u>768</u> <u>213</u>	<u>662</u> <u>301</u>
<b>Totale Inkomste</b>	2 383 340	3 082 233	2 982 152	3 178 517	3 116 751
Salarisse & lone	556 085	863 515	1 486 599	1 099 103	1 108 397

### 7. VOORUITSKOUING

7.1 Ek is daarvan oortuig dat, gegewe die gesonde finansiële basis en gedissiplineerde bestuursomgewing waarmee die sinode die nuwe finansiële jaar binnegaan, ons sinode weereens sy lidmate en ook die breër gemeenskap van Oos-Kaapland suksesvol sal kan bystaan en ondersteun.

### 8. SLOTSOM

8.1 My opregte dank gaan aan ons Hemelse Vader, sonder wie se seën die sinode se bedrywighede nie deur die positiewe aspekte soos ek hierbo uiteengesit het, gekenmerk sou kon word nie.

8.2 Ek wil graag ook my dank uitspreek teenoor die Direkteur Administrasie, al die finansiële en administratiewe personeel van die sinode asook die ouditeure, Wolmarans Kruger Ingelyf vir hul bystand en ondersteuning gedurende die afgelope jaar.

**Ds C.H. van Heerden**  
**Deskundige Lid van Finansies**  
**19 Mei 2005**

**A2.2 SINODALE FUNKSIES VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND: DIE STRUKTURERING EN BEFONDSING DAARVAN 2003 TOT 2005**

**1. SINODALE FUNKSIES**

1.1 Tydens die buitengewone vergadering van die Sinode (Junie 2002) ontvang die Sinodale Kommissie die opdrag om Visionêre Leierskap, Navorsing, Begeleiding en Bestuur binne die Oos-Kaapse kerk te hanteer (Besluit 12.3.2).

1.2 Die werksaamhede wat die Sinode sodoende, voortspruitend uit die vorige diens kommissies, aan die Sinodale Kommissie opgedra het (Besluit 12.8), word in Tabel 1 hieronder saamgevat.

1.3 Opgesom, dui Tabel 1 daarop dat die Sinodale Kommissie, sedert 2002, op die volgende aantal terreine namens die sinode funksies moet verrig:

Tabel 1 Sinodale Funksies	Aantal Terreine per Sinodale Funksie
Visionêre Leierskap	22
Navorsing	10
Begeleiding	37
Bestuur	7
Totaal	76

1.4 Dit is egter so dat baie van hierdie sinodale funksies verband hou met die doeltreffende koördinerende van werksaamhede en projekte wat na gemeentes en ringe afgewentel is, asook die sinergering van die kerkverband binne en buite die NG Kerk in Oos-Kaapland.

**1.5 AANBEVELING**

**1.5.1 Die Sinode neem kennis van die omvang van die werksaamhede wat die Sinode van 2002 aan die Sinodale Kommissie opgedra het en die noodsaaklikheid daarvan vir die doeltreffende funksionering van die kerkverband in en om die NG Kerk in Oos-Kaapland.**

**2. DIE STRUKTURERING VAN SINODALE FUNKSIES**

2.1 Tydens die 2002 sitting keur die Sinode (Besluite 12.3.1, 12.3.3) die volgende sinodale struktuur goed:

2.1.1 Sinodale Kommissie, saamgestel op ringsbasis plus die lede van die moderatuur. Die Direkteur Administrasie dien adviserend op die Sinodale Kommissie.

2.1.2 Die dagbestuur van die Sinodale Kommissie bestaan uit die moderatuurslede en vier lede deur die Sinodale Kommissie aangewys,

waarvan een die portefeulje finansies en administrasie moet beklee. Die Direkteur Administrasie dien adviserend op die dagbestuur.

2.1.3 Die Sinodale Kommissie identifiseer en wys kundiges aan, minstens ten opsigte van Diens van Barmhartigheid, Gemeentebediening, Jeug, Sending (Getuienis), Leer en Aktuele Sake en die Bediening aan Vrouelidmate.

2.1.4 Bestuur word deur die sinodale kerkkantoor, onder toesig van die Direkteur Administrasie, hanteer.

2.2 Die Sinode van 2002 dra dit voorts aan die Sinodale Kommissie op om aan die hand van die goedgekeurde model en die bedryfsimplikasies daarvan voort te gaan met die herstrukturering van die sinodale infrastruktuur (Besluit 12.7).

2.2.1 In die lig van die groot aantal terreine waarop die Sinodale Kommissie funksies moet verrig; die noodsaaklikheid om ringsprojekte doeltreffend te bestuur; en die jaarlikse prioritisering van sinodale werksaamhede, vervang die Sinodale Kommissie mettertyd die kundiges met die volgende span netwerkbestuurders gekoördineer deur die Begeleidingsnetwerk onder leiding van Ds Barnard Steyn:

2.2.1.1 Barmhartigheid - Ds Anton Oliphant

2.2.1.2 Familie - Ds Eugene Malan

2.2.1.3 Getuienis - Ds Johan van Niekerk

2.2.1.4 Jeug - Ds Willem Petzer

2.2.1.5 Liturgie - Ds Barnard Steyn

2.2.1.6 Navorsing - Prof Piet Naudé

2.2.1.7 Predikanteversorging - Dr Kobus Prinsloo

2.2.1.8 Vroue-bediening - Mev Tish Steyn

2.2.2 Die ander strukture, die Sinodale Kommissie en sy dagbestuur, is volgens sinodale besluit gehandhaaf.

2.2.3 Die sinodale kerkkantoor bestaan uit die Direkteur Administrasie, 'n sekretaresse en 'n interne rekenmeester (vyf/agste pos).

2.2.4 Met verwysing na Tabel 1, word die Visionêre Leiding hoofsaaklik deur die moderatuur en die Navorsing en Begeleiding deur die netwerkbestuurders gedoen.

**2.5 AANBEVELING**

**Die Sinode neem kennis dat die bedryfsimplikasies van die goedgekeurde model die Sinodale Kommissie genoodsaak het om die kundiges te vervang met netwerkbestuurders en 'n netwerk-koördineerder.**

**3. DIE BEFONDSING VAN SINODALE FUNKSIES**

3.1 Die Sinode van 2002 besluit (Besluit 12.4) om die sinodale gebou en sinodale kampterreine te verkoop ten einde die werk van die Sinode te befonds, en dra dit aan die Sinodale Kommissie

op om dit op die beste wyse en teen die beste prys te doen. Slegs 75% van die rente-opbrengs op die kapitaal van alle sinodale fondse sal jaarliks aangewend word vir die bedryf en bestuur van die sinode, terwyl die res gebruik sal word om die kapitale beleggings te versterk.

**3.1.1** Die jongste stand van sinodale beleggings sal tydens die Sinode by die Direkteur Administrasie ter insae wees.

**3.2** Die Sinode van 2002 besluit verder (Besluit 12.5) dat 'n jaarlikse dankoffer tot maksimum van 10%, bereken volgens die Botes-formule, gehef sal word van gemeentes wat kwalifiseer om by te dra, en dat hierdie fondse op advies van die ringe sover moontlik deur die Sinodale Kommissie toegeken word aan behoeftige gemeentes en ringsprojekte. Die Sinodale Kommissie sal sodanige dankoffers hef en toeken, terwyl die ringe dit sal administreer.

**3.3** Die Sinodale Dankoffers word in die Sinodale Hulpfonds geadministreer en al die sinodale fondse in die Sinodale Bystandsfonds. Die Sinodale Bystandsfonds sluit ook fondse in wat onder die vorige bedeling vir die werksaamhede van die onderskeie dienskommissies ge-oormerk was.

**3.4** Tydens die Sinode van 2002 is 'n projeksie van die finansiering van die Sinodale Kommissie onder die nuwe model voorgedra (vergelyk bladsy 137 van die sakelys). Hierdie projeksie vergelyk soos volg in Tabel 2 met die begrotings daarvoor sedertdien. Die nuwe bedeling het eers in 2004/05 in werking getree aangesien die kampterreine se verkope, rasionalisering van sinodale personeel en die eerste vordering van sinodale dankoffers gedurende 2003/04 plaasgevind het.

**Tabel 2**  
**Finansiering van die Sinodale Kommissie 2002 Projeksie vergeleke by die Periode 2004 tot 2006**

<b>INKOMSTE</b>	<b>2002 Projeksie</b>	<b>2004/05 (Ge-oudit)</b>	<b>2005/06 Begroting</b>
Sinodale Bystandsfonds	920,000	1,047,207	1,010,908
Sinodale Hulpfonds	700,000	805,292	800,000
Trustfondse	0	193,982	137,640
Sinodale kollekte	0	223,921	240,000
<b>Totaal</b>	<b>1,620,000</b>	<b>2,270,402</b>	<b>2,188,548</b>
<b>UITGAWES</b>			
Verpligte bydraes breër kerkverband	320,000	319,056	300,000
Sinodale werksaamhede	210,000	339,963	647,705
Ringsprojekte	440,000	341,532	485,158
Bedryfskoste	650,000	711,245	755,685
Oorskot/(tekort)	0	558,606	0
<b>Totaal</b>	<b>1,620,000</b>	<b>2,270,402</b>	<b>2,188,548</b>

**3.5** Die volgende *kommentaar* kan onder andere

na aanleiding van Tabel 2 gelewer word.

**3.5.1** Die 2003/04 ge-ouditeerde syfers kan om die volgende redes nie met die 2002 projeksie vergelyk word nie:

**3.5.1.1** Die 2003/04 inkomste het die wins op die verkoop van die sinodale kampterreine ingesluit.

**3.5.1.2** Aangesien die sinodale sentrum nog nie verkoop was nie en die opbrengs uit die verkoop van die sinodale kampterreine eers teen die einde van die jaar gerealiseer het, kon daar nog nie sprake van noemenswaardige rente op sinodale beleggings wees nie.

**3.5.1.3** Sinodale Bydraes, in plaas van Sinodale Dankoffers is nog tydens hierdie periode gehef waarvan 'n gedeelte vir Ringsprojekte in die daarop volgende jaar ge-oormerk is.

**3.5.1.4** Die bedryfskoste het 'n aansienlike bedrag ten opsigte van die skeidingspakkette van kantoor-personeel ingesluit.

**3.5.1.5** Heelwat administratiewe werk moes gedoen word om die sake van die sinodale kampterreine af te sluit alvorens hulle verkoop kon word. Hierdie werk het ook buitengewone koste meegebring.

**3.5.2** Die 2004/05 en 2005/06 inkomste uit die Sinodale Bystandsfonds is hoër as die projeksie omdat dit bedrae insluit wat nog in terme van die vorige bedeling vir bepaalde kommissies ge-oormerk is. Dit geld ook vir die sinodale kollekte wat gedurende hierdie periodes ontvang is. Tabel 1 dui egter daarop dat die Sinodale Kommissie sy diskresie moes gebruik om die werksaamhede wat die Sinode aan hom opgedra het, onder die nuwe sinodale funksies in te deel. Om die sinodale werksaamhede sodanig te befonds, moes die Sinodale Kommissie die sogenaamde ge-oormerkte fondse dienooreenkomstig ook volgens sy diskresie toeken. Die nuwe indeling van sinodale funksies teenoor fondse wat nog in terme van die vorige bedeling ge-oormerk is, is vir die Sinodale Kommissie problematies.

**3.5.2.1** Fondse wat nog in terme van die vorige dienskommissies ge-oormerk is, veroorsaak ook aansienlike addisionele boekhouding, ouditering en buitensporige administrasiekoste. So moet daar vir elke ge-oormerkte fonds en sinodale kollekte 'n afsonderlike stel boeke gehou word wat tans, saam met die nuwe sinodale funksies, ongeveer vyftien inkomste- en uitgawestate en balansstate verg.

**3.5.2.2** Terwille van doeltreffende administratiewe en finansiële bestuur en die vereenvoudiging van stelsels en prosedures, is dit dringend noodsaaklik dat die reëling ten opsigte van sinodale fondse aansienlik gekonsolideer word.

**3.5.2.2.1 AANBEVELING**

**Die Sinode konsolideer alle fondse wat nog in terme van die vorige bedeling vir kommissies**

**ge-oormerk is in die Sinodale Bystandsfonds en gee opdrag aan die Sinodale Kommissie om die fondse, binne die raamwerk van die huidige sinodale funksies, steeds te gebruik vir die befondsing van die werksaamhede wat die Sinode van 2002 aan die Sinodale Kommissie opgedra het. Dieselfde reëling en opdrag geld vir Sinodale Kollektes.**

**3.6** Slegs 75% van die rente op sinodale beleggings word vir die befondsing van sinodale werksaamhede gebruik. Die orige 25% word gekapitaliseer. Laasgenoemde kapitaliseringskoers blyk egter baie hoër as die bedryfsnorm van tussen 8% en 10% te wees.

### **3.6.1 AANBEVELING**

**Die Sinode besluit dat 90% van die rente op sinodale beleggings vir die befondsing van sinodale werksaamhede gebruik en die orige 10% gekapitaliseer word.**

**3.7** Vanweë die omvang van die sinodale werksaamhede, is die uitgawes daaraan deurgaans hoër as die projeksie. Tot so 'n mate, dat 'n gedeelte van die Sinodale Hulpfonds ook vir die befondsing daarvan gebruik moet word. Die Sinode het egter hierdie vergunning aan die Sinodale Kommissie gemaak (Besluit 12.5).

### **3.7.1 AANBEVELING**

**Die Sinode neem kennis dat die reëling ten opsigte van die aanwending van slegs rente vir die befondsing van sinodale werksaamhede oor die kort termyn nie voldoende is gegewe die omvang van sodanige funksies nie en dat Sinodale Dankoffers noodwendig ook daarvoor gebruik moet word.**

**3.7.1** Daar is reeds vroeër daarna verwys dat die beleggings in die Sinodale Bystandsfonds hoofsaaklik om die volgende twee redes nie hulle ideale opbrengs tot datum kon realiseer nie, naamlik:

**3.7.1.1** die grootste kapitaal-bydrae tot die fonds, die verkoop van die sinodale sentrum, het eers in 2005 plaasgevind ofskoon die sentrum R351,504 okkupasiehuur vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2005 opgelewer het; en

**3.7.1.2** opbrengste op beleggings, hoër as dié op daggeld-beleggings, realiseer normaalweg eers na periodes van 5 jaar en meer.

#### **3.7.1.2.1 AANBEVELING**

**Die Sinode neem kennis dat die sinodale beleggings na verwagting eers na termyne van 5 jaar en meer noemenswaardige opbrengste kan lewer.**

**3.8** Die omvang van die insette wat die moderaatuur veral ten opsigte van Visionêre Leiding maak, noodsaak dat van hulle tyd by hulle onderskeie kerkrade uitgekoopt moet word. So ook in die geval van Ds Barnard Steyn wat die Begeleidingsfunksie en die aktiwiteite van die netwerk-bestuur-

ders moet koördineer.

**3.9** Die bydraes aan die breër kerkverband verteenwoordig gemiddeld 18% van die sinodale begroting voor die toekenning aan ringsprojekte daarby ingesluit is. Die betrokke bydraes bestaan uit twee dele, naamlik: ongeveer R150,000 elk aan die Algemene Sinode en die Sinode van Suid-Afrika (Wes-Kaapland). Hierdie bydraes word jaarliks onderhandel.

**3.9.1** Ten opsigte van die Sinode se opdrag aan die Sinodale Kommissie om ook by die breër kerkverband betrokke te wees en die ongeveer R300,000 wat jaarliks in die sinodale begroting daarvoor voorsien moet word, word die aandag vervolgens op die realiteite daarvan gevestig.

**3.9.1.1** Tydens die Algemene Sinode van 2004 is die uitvoering van die NG Kerk se roeping onder andere breedvoerig bespreek. So, is daar besluit om dit voortaan in projekte te verdeel wat deur projekspanne, en nie sinodale kommissies soos in die verlede nie, te bestuur.

**3.9.1.2** Verder is besluit dat al die NG gemeentes jaarliks die befondsing van hierdie projekte uit hulle lopende inkomste moet ondersteun. Lopende inkomste is die inkomste wat uit normale bedrywigheede gegeneer word. Op die Oos-Kaapse vorm B is dit die inkomste onder gemeentelike bydraes en gemeentelike werksaamhede.

**3.9.1.3** So 'n berekening is egter nie in die Oos-Kaap nodig nie aangesien Sinodale Dankoffers reeds gevorder word.

**3.9.1.4** Die bydraes aan die Sinode van Suid-Afrika (Wes-Kaap) is vir die gesamentlike argief- en teologiese opleidings-fasiliteite wat die Oos-Kaapse gemeentes met dié in Wes- en Noord-Kaap en Suid-, Noord-, Wes- en Oos-Transvaal deel.

### **3.10 AANBEVELINGS**

**3.10.1** Die Sinode neem kennis dat gemeentes 'n direkte belang by die kerk se werksaamhede in breër verband het en dat die Sinodale Kommissie om hierdie rede die bydraes aan die Algemene Sinode en die Sinode van Suid-Afrika (Wes-Kaap) tot dusver uit die Sinodale Hulpfonds betaal het.

**3.10.2** Die Sinode keur goed dat die Sinodale Kommissie tot 'n maksimum van 30% van die jaarlikse Sinodale Dankoffers vir die befondsing van sinodale werksaamhede mag gebruik vir sover dit verband hou met die take wat die 2002 Sinode aan die Sinodale Kommissie opgedra het. Hierdie vergunning word na die volgende sinode vir herooringing verwys. Die balans van die Sinodale Dankoffers (70%) word op advies van die ringe deur die Sinodale Kommissie toegeken aan behoeftige gemeentes of ringsprojekte ooreenkomstig Reglement 8.

#### **4. SINODALE DANKOFFERS**

**4.1** Punt 3.2 verwys na die huidige sinodale besluit ten opsigte van Sinodale Dankoffers.

**4.2** Die aantal gemeentes wat nog Sinodale Dankoffers moet betaal, word stelselmatig minder. So, is dit nie net meer die sogenaamde 2% gemeentes wat bevoordeel word nie. Die kleiner getal groter gemeentes se Sinodale Dankoffer-verpligtinge neem toe.

**Tabel 3**  
**Sinodale Dankoffers vergeleke met die lopende inkomste en aantal lidmate van gemeentes volgens 2004/5 syfers**

Ring	Lidmate %	Lopende inkomste %	Sinodale Dankoffers %
Albanie	7	7	5
Algoa	11	11	18
Burgersdorp	5	5	1
Cradock	6	6	9
Dordrecht	2	3	0
Graaff-Reinet	5	6	2
Humansdorp	12	16	33
Oos-Londen	8	8	8
Port Elizabeth	9	11	11
PE-Wes	12	9	3
Queenstown	3	4	5
Sondagsrivier	11	9	0
Uitenhage	10	7	3
<i>Totaal</i>	<i>100</i>	<i>100</i>	<i>100</i>

**4.3** Tabel 3 gee 'n uiteensetting van die gemeentes wat tans Sinodale Dankoffers betaal. Tabel 3 toon onder andere die volgende wanbalanse in die huidige betaling van Sinodale Dankoffers.

**4.3.1** Slegs in die geval van die Ring van Oos-Londen is daar 'n verband tussen die ring se persentasie aandeel in die sinode se totale aantal lidmate en lopende inkomste en die sinodale dankoffers wat deur daardie gemeentes betaal word, naamlik: 8%.

**4.3.2** Die ring van Humansdorp verteenwoordig onderskeidelik 12% en 16% van die totale aantal lidmate en lopende inkomste, maar betaal 33% van die Sinodale Dankoffers. Terwyl die ring van Sondagsrivier 7% van die totale lopende inkomste verteenwoordig betaal daardie gemeentes geen Sinodale Dankoffers nie teenoor die ring van Albanie wat ook 7% van die totale lopende inkomste verteenwoordig, maar 5% van die Sinodale Dankoffers moet betaal.

**4.3.3** Ofskoon die ring van Cradock, vergeleke by die ring van P.E. Wes 6% teenoor 9% van die totale lopende inkomste verteenwoordig, betaal

eersgenoemde 9% teenoor laasgenoemde se 3% van die totale Sinodale Dankoffers.

**4.3.4** Die ring van Algoa word eweneens benadeel aangesien dit 11% van beide die totale aantal lidmate en lopende inkomste lewer, maar 18% van die Sinodale Dankoffers moet betaal.

**4.3.5** In verhouding tot lopende inkomste teenoor Sinodale Dankoffers, word vier ringe tans benadeel tot voordeel van die ander nege ringe.

**4.3.6** Tabel 4 gee 'n uiteensetting van die aantal gemeentes wat per ring Sinodale Dankoffers betaal.

**Tabel 4**  
**Die aantal gemeentes wat per ring sinodale dankoffers betaal - 2005**

RINGE	Totale aantal gemeentes	Aantal gemeentes wat sinodale dankoffers betaal	Persentasie gemeentes wat betaal
Albanie	10	4	40
Algoa	9	6	66
Burgersdorp	7	1	14
Cradock	8	6	75
Dordrecht	7	0	0
Graaff-Reinet	11	2	18
Humansdorp	10	8	80
Oos-Londen	9	4	44
Port Elizabeth	9	4	44
P.E. Wes	8	4	50
Queenstown	5	1	20
Sondagsrivier	8	1	12
Uitenhage	5	2	40

**4.3.6.1** Tabel 4 toon onder andere dat in nege van die dertien ringe minder as 50% van die gemeentes Sinodale Dankoffers betaal.

**4.3.6.2** Dit beteken verder dat slegs 43 van die 106 gemeentes (40%) tans Sinodale Dankoffers bydra.

#### **4.4 AANBEVELING**

**Die Sinode neem kennis dat daar tans, in verhouding tot gemeentes se lidmaat- en inkomste-potensiaal, nie 'n billike verdeling in die betaling van Sinodale Dankoffers is nie.**

Dr JWJ Viljoen (Sameroeper)

Ds CH van Heerden

Ds DW Mouton

Ds MF Steyn

## BESKRYWINGSPUNTE

### B BESKRYWINGSPUNTE

#### B1 KWYNENDE FINANSIËLE OMSTANDIGHEDEN IN DIE NOORD-OOSKAAP

Die Sinode van Oos-Kaapland kom vergewis haarself op versoek van die Ringe van Burgersdorp en Dordrecht van die finansiële omstandighede van 'n kwynende Noord-Ooskaap. Die Sinode is bewus van samewerkingsooreenkomste tussen ses van die veertien gemeentes in hierdie ringsgebiede. Verdere samevoegings van gemeentes en sodoende vermindering van leraars in so 'n groot geografiese gebied kan sinvolle bediening in die ringsgebiede belemmer.

Om 'n tentmakerberoep te beoefen, is ook nie meer so haalbaar soos in die verlede nie, aangesien alternatiewe werkseleenthede in die gebiede tot stilstand gekom het.

Ons leef in diepe afhanklikheid voor ons Hemelse Vader en vertrou Hom vir ons daaglikse behoeftes. Ons kan egter nie die realiteite van die dag ignoreer nie, en versoek dat daar op sinodale vlak indringend na ons probleem gekyk sal word.

**Ring van Burgersdorp en Dordrecht.**

#### B2 SENTRALE SALARISSTELSEL

Die sinode besluit om 'n sentrale salarisstelsel te ondersoek deur 'n ad hoc kommissie saam te stel onder leiding van die Direkteur Administrasie met verslag en aanbeveling by die eerskomende buitengewone vergadering van die sinode.

**Ring van Queenstown**

#### B3 HEFFINGS EN SK-VERTEENWOORDIGING

1. Die sinode besluit dat die voorstel van die SK-Dagbestuur dat 'n 5% heffing op die beskikbare bedrag vir ringsprojekte ingestel word met die oog op projekkoördinerings- en projekbestuur in stryd is met die besluit van die buitengewone sinode sitting in 2002 (bl 159 pt 54).

2. Die sinode besluit dat indien 0.6% gehef word van gemeentes wat vroeër 2% sinodale bydraes betaal het, dit slegs aan die Sinodale Hulpfonds oorbetalings mag word vir gemeentes wie se voortbestaan bedreig word soos verwoord in Reglement 8 pt 7.1.1 van die Kerkorde.

3. Die sinode neem kennis van die Ring se kommer oor die oorweging van die Moderatuur dat ringsverteenwoordigers jaarliks vir die SK aangewys word. Die Ring beveel aan dat die status quo vir die verkiesing van ringsverteenwoordigers op die SK gehandhaaf word ten einde kontinuïteit tussen die SK-vergaderings te bevorder.

**Ring van Queenstown**

#### B4 HULP AAN GEMEENTES OM 'N LERAAR TE BEKOSTIG

Die Sinode poog om die nodige fondse te vind ten einde 'n aantal gemeentes te help om 'n leraar te bekostig.

1. Om te kwalifiseer vir hierdie hulp moet die gemeentes aan die volgende vereistes voldoen:

1.1 Nie meer in staat wees om 'n leraar volledig te onderhou nie;

1.2 Bereid wees om 'n aantal lidmate / kerkraadslede te laat bekwaam vir multi-kulturele evangelisasiewerk;

1.3 Onderneem om 'n multi-kulturele bediening te vestig.

2. Die nodige fondse kan op verskillende maniere verkry word, bv deur middel van ringsprojekte, 'n heffing op hanteringsgelde, borgskappe, of hoe dit ook al binne die raamwerk van staande besluite gevind kan word.

#### 3. Motivering:

Die sinodale verband wil graag as gemeentes onderling na mekaar omsien; kleiner gemeentes help sodat voldoende bediening vir almal moontlik word; sy konteks in berekening bring en missionêre kerk in hierdie wêreld wees.

Die uitvoering van hierdie voorstel kan 'n begin wees om grond toe te kom.

**Sinodale Kommissie**

**C BESKRYWINGSPUNTE RAKENDE  
BEPALINGS EN REGLEMENTE**

**C1 KERKORDE REGLEMENT 8 PUNT 8**

1. Die Sinode besluit om die inleiding van Reglement 8 punt 8 te skrap, wat tans as volg lui:

8. Die sinode besluit om al die huidige bates van die Sinodale Hulpfonds en toekomstige opbrengste van die sinodale bates in die Sinodale Bystandsfonds te plaas vir die bestryding van koste van die sinode aan sake soos bepaal in riglyne wat deur die sinode / Sinodale kommissie vasgestel word. Ge-oormerkte en trustfondse mag nie as deel van die Sinodale Bystandsfonds bestuur word nie.

**Motivering:** Die rede hiervoor is dat die sake waarna hierdie inleiding verwys alreeds afgehandel is en dus nie meer betrekking het nie (met uitsondering van die laaste sin van hierdie inleiding).

2. 'n Wysiging op Reglement 8 pt 8.1.2 word ook voorgestel. Tans lui dit as volg:

8.1.2 Slegs die rente sal aangewend word.

Die sinode besluit dat hierdie formulering gewysig word om te lees: "Slegs 75% van die rente sal aangewend word."

3. Die sinode besluit om 'n addisionele punt 8.1.6 by Reglement 8 pt 8 te voeg wat as volg bewoord kan word: "Ge-oormerkte en trustfondse mag nie as deel van die Sinodale Bystandsfonds bestuur word nie."

**Ring van Queenstown**

**BYLAE**

**D1 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE  
SINODE 2004 OOR KERKHERENIGING**

**1. Inleiding**

• Die NG Kerk is hartseer en verleë omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie veel gevorder het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses werklik baie moeilik maak, weet ons dat dit nie 'n verskoning is nie.

• By die Sinode het ons voor die aangesig van die Here opnuut oortuig geraak van die belangrikheid van kerkeenheid en ons wil onself met nuwe toewyding daaraan wy. Ons glo dat die Here van ons vra om so spoedig moontlik ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom in een kerkverband. Ons glo ook dat 'n verdeelde kerk baie moeilik die roeping wat die Here vir ons as kerk het, sal kan uitvoer. Ons huiwer om dit te sê, maar ons oordeel dat versuim in hierdie verband nie net sal beteken dat ons die Here gefaal het nie, maar ook ons Suider-Afrikaanse samelewing - en miskien veral die kinders en jongmense.

• Ons pleit by die ander kerke van die NG Kerk-familie vir 'n inklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons kerke, saam te neem op die pad vorentoe.

• Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit sal wil inbring in die nuwe verband. Ons is egter ook verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.

• Wat ons eie kerk betref, het ons 'n verantwoordelikheid teenoor baie predikante en lidmate wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar sou wou onderskryf, maar ook baie predikante en lidmate wat om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.

• Ons glo dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het en sou onself wou gee vir 'n proses waarin ons so gou as moontlik een word in 'n "ruim huis" wat plek maak vir almal van ons - met die baie waaroor ons saamstem, maar ook dit waaroor ons verskil.

• Ons glo dat dit ironies sal wees as ons rondom 'n belydenisskrif wat juis die eenheid van die kerk bely, by 'n punt kom waar ons die kerk maar laat skeur omdat ons nie meer glo dat die Here ons almal bymekaar kan hou en in een herenigde kerk kan saambring nie.

• Ons pleit by ons broers en susters vir 'n spoedige hereniging in 'n ruim en breë eenheid waarin ons mekaar aanvaar en aanneem met al ons bagasie, en ook kans kry vir 'n groeiproses waarin

ons mekaar leer ken en leer liefkry.

- Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die Familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar iewers in die middel kan ontmoet en 'n pad saam kan begin loop. Ons gaan ook so spoedig moontlik met ons eie gemeentes in gesprek tree oor hierdie voorgestelde proses vir kerkhereniging.

- Ons hoop dat ons spoedig "iewers in die middel" een nuwe herenigde kerk kan vorm waar ons almal saam voor Christus buig en voor mekaar en as 'n saam-kerk die pad vorentoe aanpak.

### 2. Verbintenis tot kerkhereniging

Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika nou. Ons glo dat ons as Familie bymekaar hoort, mekaar nodig het en saam 'n wesenlike taak te vervul het in ons lande.

### 3. 'n Keuse om gou weer op gang te kom met die proses en saam te groei na groter eenheid

3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigingsproses sloer. Ons is oortuig dat daar genoeg gronde is waarom ons spoedig met die kerkherenigingsproses kan begin.

(1) Ons het 'n gedeelde geskiedenis en weet almal dat ons bymekaar hoort;

(2) Al die kerke aanvaar reeds die formuliere van eenheid as 'n gemeenskaplike belydenisbasis.

(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belhar-belydenis aanvaar.

(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinode reeds baie goeie samewerkingsverbande en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidstrukture opgerig.

3.2 Ons is van oordeel dat hierdie sake genoeg geloofskonsensus bied sodat ons saam weer die proses op pad na een kerkverband kan begin. Ons doen 'n beroep op die ander kerke van die Familie dat ons so gou doenlik die voorbereidende proses op gang sal kry.

3.3 Ons glo dat ons so 'n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertroue te stel op die versoenende krag van die evangelie van Christus wat ons steeds nader aan mekaar kan bring en ons kan laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.

### 4. 'n Pad wat baie geduld, begrip en tegemoetkomendheid van almal vra

Die geskiedenis leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkomendheid. Dit beteken dat ons almal bereid sal moet wees om mekaar iewers in die middel te ontmoet. In die proses sal ons deurentyd moet rekening hou met vrae en onsekerheid wat mense het en dit met groot geduld, sensitiwiteit en baie gesprek hanteer.

### 5. Die Belharbelydenis

Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word (vgl besluit AS 1998). Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998). Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te onderskryf nie.

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onself hiertoe.

### 6. Model: 'n verenigde kerkverband van selfstandige plaaslike gemeentes

Ons stel voor dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar.

### 7. Gemeentes se reg om hul oor hul eie werk te besluit, word erken

Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskryf of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die gemeente.



### 8. Ander kwessies word gedurende die proses onderhandel

Daar is 'n aantal sake waarvoor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, teologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van kerkhereniging behoort te staan nie.

### 9. Wesenlike rol van gesamentlike gesprek en besinning op alle vlakke

Ons glo dat die proses van kerkhereniging indringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra - veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.

### 10. Kerkskeuring moet ten alle koste probeer vermy word

Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring na enige kant ten alle koste moet probeer vermy. Dit het te dikwels gebeur - ook in ons gereformeerde tradisie - dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.

### 11. Die byeenbring van alle gereformeerde kerke

Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.

### 12. Raadpleging van gemeentes

Hoewel die Algemene Sinode en sy kommissies 'n taak het om leiding te neem, onderhandelings te voer en voorstelle te maak ten opsigte van hierdie proses, bevestig ons weer eens dat ons verbind is om ons gemeentes te raadpleeg en te toets sodat ons saam hierdie pad kan loop. Ons is oortuig dat ons kerkskeuring ten alle koste moet probeer vermy. Dit gaan waarskynlik vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar heeltyd

sensitief is en ruimte maak vir mense met huiweringe en vrae.

### 13. Proses verder

Vir die proses van raadpleging met die sinodes en kerkrade in die NG Kerk ten opsigte van die eenheidsproses in die NG Kerk-familie, stel die Algemene Sinode die volgende riglyne:

**13.1** Die besluite van die Algemene Sinode van 2004 oor die herstel van een kerkverband in die NG Kerk-familie (ASK verslag 13:4 pt 4.3) het die *status van aanbevelings* vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.

**13.2** Hierdie aanbevelings word in 'n konsultasieproses deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings. Die konsultasieproses met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode / sinodale kommissie / sinodale diensraad / moderamen en word in oorleg met die Algemene Diensgroep Leiers (plus ander kundiges) as die lede van die taakspan vir kerkhereniging uitgevoer sodat die resultaat nie later nie as einde Januarie 2006 by die ADL is. Die konsultasieproses gaan oor die volgende:

**13.2.1** Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2004;

**13.2.2** Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalinge van Die Kerkorde (onder andere Artikel 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor 'n moontlike konsensus of 'n tweederdemeerderheid van kerkrade (in 1998 en 2002). In dié verband is die volgende by 1.1.9 van die besluite van 2004 belangrik: "Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak".

**13.3** Na die afhandeling van hierdie konsultasieproses word die resultaat deur die taakspan verwerk en by die voortgaande gesprek in die NG Kerk-familie betrek. Intussen is die aanbevelings van die Algemene Sinode 2004 beskikbaar vir kommentaar vanuit die hele NG Kerk-familie en vorm dit deel van die gesprek en onderhandelings in die Familie.

**13.4** Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat 'n behoorlike proses van konsultasie en saampraat met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die ADL plaasgevind het.

**13.5** Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op gemeentevlak sigbaar word. Daarom moet gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander gemeentes van die NG Kerk-familie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te

werk. Aangesien hierdie 'n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit 'n dringende prioriteit wat die ASK in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.

herenigingsproses op Algemene Sinodale vlak te bevorder.

### **14. Approbasie by kerkeenheid**

**14.1** Dat, kerklik gesproke, approbasie 'n oop proses is wat onder toesig van die kerkverband in regverdigheid en billikheid hanteer word, of as gesprek, of as geskilbeslegting, of as appèl, of waar persone ter sprake is, ook moontlik as tug. As die approbasie oor 'n saak handel, word in die proses na konsensus gestreef, maar as deel van die oop proses sou ook ooreengekom kan word dat daar toetsing van die betrokke lidmate moet wees.

**14.2** Dat approbasie dwarsdeur Reglement 6 op dieselfde wyse hanteer word, behalwe by 6:1 (afstigting) waar vereis word dat meer as die helfte van die lidmate 'n versoekskrif en waarborglys onderteken.

**14.3** Dat die bewoording oor approbasie lees: "die ooreenkoms word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente(s) vir approbasie bekendgemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste afkondiging skriftelik by die skriba ingedien moet word."

**14.4** Die kerkrade maak hulle konsensus-mening, of hul gedebatteerde besluit met tweederdemeerderheid aan die gemeente op twee Sondae bekend vir approbasie. Indien die besware uitloop op 'n besluit tot toetsing van die gemeente, word dit gedoen. Uiteindelik maak die kerkraad hulle geapprobeerde besluit aan die sinode bekend.

**14.5** Twee derdes van alle kerkrade moet hierdie eenparige-konsensus- of tweederdemeerderheid-geapprobeerde besluit verkry.

**14.6** Elke sinode moet dan met 'n tweederdemeerderheid tot kerkeenheid besluit.

**14.7** Nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het, moet die Algemene Sinode dit ook met 'n tweederdemeerderheid aanvaar (Art 43 en 44).

**14.8** Dat regsadvies oor hierdie aanbevelings en saak ingewin word, en tot dan toe as voorlopig beskou word.

**14.9** Dat die te verkrygde regsadvies, en indien dan nog relevant ook hierdie besluit oor approbasie, ook aan die ander kerke van die NG Kerkfamilie gekommunikeer word

### **15. Sinodevorming**

Aangesien strukturele eenheid op Algemene Sinodale vlak noodwendig 'n langsame proses is, sinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar kan verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkverbande prys te gee. Die bedoeling hiermee is ook om die

## D2 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2002 OOR HOMOSEKSUALITEIT

1. In die lig van die voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat ons ons nie langer sonder meer kan vereenselwig met die verslag, Homoseksualiteit. Wat sê die kerk (1986) nie. In die lig van voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat daar in die Kerk ernstige meningsverskil ontstaan het oor sy ingenome standpunt oor homoseksualiteit.

### INTERPRETASIE VAN BESLUIT 1:

Die Algemene Sinode verstaan dit so dat hy met die aanvaarding van besluit 1 erken dat daar rede is om weer te besin oor sy standpunt oor homoseksualiteit. Alhoewel die besluit van 1986 geldig bly totdat dit herroep word, bring die aanvaarding van die amendement mee dat daar 'n nuwe, oop situasie ontstaan het in afwagting op 'n standpunt by die volgende Algemene Sinode

2. Sonder miskenning van die feit dat daar in die samelewing verhoudings bestaan en tot stand kom tussen lede van dieselfde geslag, handhaaf die Sinode die standpunt dat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou volgens ons verstaan van die Skrif as 'n huwelik beskou kan word.

3. Die Algemene Sinode erken met hartseer en berou dat ons in die verlede deur veroordelende gesindhede en liefdelose optrede 'n aandeel gehad het aan die vervreemding van homoseksuele gelowiges. Ons bevestig dat ons nie die integriteit van medegelowiges bloot op grond van 'n homoseksuele oriëntasie in twyfel wil trek nie. Graag verseker ons hulle van die NG Kerk se opregte pastorale bewoënheid en verklaar dat hulle hartlik welkom is in ons gemeentes.

4. Die Algemene Sinode waarsku in 'n tyd van seksuele losbandigheid met groot erns om die Godgegewe gawe van die seksualiteit te gebruik op 'n wyse wat die Gewer eer en ons medemens koester. Dit impliseer dat hetero- en homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

5. Die Algemene Sinode dra dit op aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n grondige en omvattende studie te doen oor homoseksualiteit met die oog op die volgende Algemene Sinode. Die Kommissie betrek ook ander kommissies en deskundiges by die besinning oor hierdie saak. Veral moet gepoog word om ook gelowiges met 'n homoseksuele oriëntasie, asook gelowiges wat bely dat hulle deur God se genade van 'n homoseksuele ingesteldheid en leefwyse bevry is, by die ondersoek te betrek. Die Algemene Sinode versoek AKLAS om hierdie studie te onderneem binne die raamwerk van die meer omvattende

antropologiese vraag na die rol van die seksuele as sodanig in die lewe van mens en maatskappy.

6. Die Algemene Sinode versoek ampsdraers en kerkvergaderings om met groot omsigtigheid en respek teenoor alle medegelowiges die aangeleentheid te hanteer in afwagting op die besluite van die volgende Algemene Sinode. Op almal wie se pad kruis met persone met 'n homoseksuele oriëntasie, word 'n beroep gedoen om hulle in die styl en gesindheid van Jesus Christus te aanvaar.

## D3 BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2004 OOR HOMOSEKSUALITEIT

1. Dit is die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisgebring kan word.

2. Dit is ook die roeping van die kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei, om in waarheid met liefde en deernis voor God met mekaar om te gaan. In die lig hiervan vra die Algemene Sinode verskoning aan alle homoseksuele en hulle families, binne en buite die kerk, vir elke geval waar die kerk sulke mense in die verlede, onder andere as gevolg van 'n gebrek aan leiding, seergemaak en veronreg het en waar God se liefde nie in die kerk se optrede raakgesien kan word nie.

3. Die Sinode is diep geraak deur die pyn en lyding, verwerping en eensaamheid van persone wat op een of ander wyse met die werklikheid van homoseksualiteit gekonfronteer is. Daarom onderneem ons om met mekaar saam op weg te gaan, deur:

- in liefde mense te ondersteun op persoonlike vlak en die nodige ondersteuningsisteme daar te stel op alle vlakke;

- met die middele tot ons beskikking die nodige pastorale begeleiding te verskaf, as daar 'n behoefte is;

- saam te besin oor wat 'n Bybels-gefundeerde pastorale model is om homoseksuele persone te versorg.

4. Die Sinode erken dat daar in die kerk verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgewens oor homoseksualiteit. Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien.

5. Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word. (Handelinge, Algemene Sinode 2002: 624 12:11 punt 2.)

6. In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002 bevestig die Sinode dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.

7. Die Sinode is daarvan oortuig dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Dit is ons oortuiging dat ons alle mense se getuïenis oor hulle geloof en toewyding, sowel as oor hulle seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en hulle integriteit moet aanvaar.

*Hierdie besluit vervang die vorige besluit van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit en word nou die amptelike standpunt van die NG Kerk.*

## **D4 FORMULE VIR DIE TOEKENNING VAN RINGSPROJEKSELDE AAN RINGE**

### **1. INLEIDING**

Die breë bedoeling met die beskikbare fondse vir ringsprojekte vereis dat die hele hanteringsprosedure, vanaf die aansoek tot by die verslaggewing na die besteding, met integriteit plaasvind. Dit is nie oortollige geld wat uit oorvloed weggegee is om iets mee te koop nie. Dit is mense se dankoffers wat ten beste in diens van die Koninkryk aangewend moet word en dalk deur iemand anders beter gebruik kon word.

### **2. AANSOEK**

**2.1** Die ring doen aansoek by die SK vir die befondsing van 'n projek wat deur die ring goedgekeur en aanbeveel is. Die projek kan sy ontstaan by 'n gemeente hê en deur 'n gemeente bedryf word. Dit is nie nodig dat die ring as ring aan die projek moet deel nie. Die ring moet egter die motivering van die projek goedkeur. Hierdie goedkeuring is die eerste sifting in die proses. Die ring moet kriteria hê waarvolgens hy beoordeel.

**2.2** Die kriteria waarvolgens die ring beoordeel, behoort die volgende in te sluit:

**2.2.1** Die projek moet inpas by die visie van die sinode, een heilige algemene Christelike kerk, soos deur die buitengewone sinode van 2002 geformuleer.

**2.2.2** Projekte wat beoog om 'n lang lewens-tersyn te hê en net by die afskop subsidie benodig, behoort voorkeur te kry.

**2.2.3** Gemeentes wat van hierdie fondse ontvang ter wille van oorlewing (bv besoldiging van die leraar), moet 'n beplanning by die ring indien waarin getuig word van moontlike groei of die oorgang in verandering van bediening.

**2.2.4** Die ideale gebruik van hierdie geld sou wees om 'n bediening op die been te bring wat na 'n jaar of wat op eie bene kan staan en dan selfs iets in die fonds terugploeg.

**2.2.5** Hierdie geld word nie gebruik vir die aankoop of instandhouding van eiendomme en geboue nie.

**2.2.6** Hierdie geld word nie gebruik vir die opbou van 'n neseier vir 'n ring of gemeente nie.

**2.2.7** Lidmate, 'n gemeente, of die gemeentes van die ring behoort self 'n finansiële bydrae tot die projek te maak om sodoende betrokke te bly en eienaarskap te aanvaar.

**2.2.8** Fondse word slegs toegeken aan projekte wat direk deur die ring of gemeentes bestuur word. Die geld word nie gebruik om ander

instansies te befonds nie.

**2.3** Teen die tyd van die jaar dat die nuwe aansoeke ingedien word, moet die ring se verslag van wat met die toekenning van die vorige jaar gebeur het - en hoeveel daarvan nog beskikbaar is - by die DA ingedien wees. Versuim hiervan kan lei tot penalisering by die nuwe toekennings.

### **3. HANTERING VAN DIE RINGS-AANSOEKE DEUR DIE SINODALE KOMMISSIE.**

**3.1** Die gemotiveerde en gedetailleerde aansoeke moet die DA bereik voor 30 September.

**3.2** Die aansoeke op die terreine van die Netwerkbestuurders word na die Begeleidingsnetwerk verwys om dit aan die hand van die kriteria in 2.2 genoem, te sif, te prioritiseer en daarvolgens aan te beveel. Die ander aansoeke word verwys na 'n kommissie bestaande uit die moderator en DA om dieselfde daarmee te doen. (Omsigtigheid is hier noodsaaklik sodat gemeentes en ringe bemoedig en nie ontmoedig word nie).

**3.3** Genoemde kommissie en die Netwerkbestuurder van Bnet kombineer die twee lyste, bring die oorskot van die vorige jaar in berekening, bepaal die beskikbare totaal en beveel die toekennings by die Dagbestuur van die SK aan.

**3.4** Die Dagbestuur verfyn die toekennings en beveel dit by die SK aan wat die finale toekennings goedkeur.

**3.5** Sodra die projek afgehandel is, lê die betrokke projekbestuurder / ring onverwyld 'n verslag aan die betrokke Netwerkbestuurder voor.

## **D5 DIE BESTUUR VAN RINGSPROJEKTE: ADMINISTRATIEWE HANDLEIDING**

### **1. BEPLANNING EN EVALUERING VAN RINGSPROJEKTE**

**1.1** Projekte word deur Ringe geïnisieer en onder handtekening van die Ringskommissie by die Sinodale Kerkkantoor vir verdere oorweging ingedien.

**1.2** Om te verseker dat projekte die bedieninge van Gemeentes en die Ring bevorder, behoort die vordering met bestaande projekte en die doelwitte van voornemende projekte in detail by Ringsittings bespreek te word.

**1.3** Ringe moet hulle aansoeke vir ringsprojekte notuleer en die aansoek onder die handtekening van die voorsitter en skriba van die ring indien.

**1.4** 'n Kort verslag moet na die afhandeling van elke projek by die Sinodale Kerkkantoor ingedien word. Geen fondse sal aan 'n ring vir die volgende jaar toegeken word alvorens al die vorige jaar se verslae nie ingedien is nie. Hierdie verslag moet ten minste die volgende insluit:

**1.4.1** wat met die projek bereik is;

**1.4.2** wie daaraan deelgeneem / daarby gebaat het;

**1.4.3** enige gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die projek gemaak kan word; en

**1.4.4** die werklike besteding aan die projek.

**1.5** Daar moet ook sinergie wees tussen die verskillende Ringe se projekte onderling en met Sinodale projekte.

**1.6** Die doel met ringsprojekte word onder andere deur die Reglement van die Sinodale Hulpfonds bepaal, naamlik om:

**1.6.1** kapitaal beskikbaar te stel aan ringe / gemeentes wat in 'n oorlewingstryd is, ten einde hulle op die kottermyn finansieel te ondersteun en van oorbruggingskapitaal te voorsien indien nodig; en

**1.6.2** verdienstelike projekte in diens van die Koninkryk te befonds. Die verdienstelikheid van ringsprojekte kan aan die sinodale geloofsverbintenis getoets word. Ringsprojekte is derhalwe verdienstelik indien hulle:

**1.6.2.1** eenheid in ons kerkverband, kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld bevorder;

**1.6.2.2** prakties aan die evangelie gestalte gee;

**1.6.2.3** die boodskap van Christus oor die wêreld heen dra;

**1.6.2.4** dade van liefde bevorder;

**1.6.2.5** ons blymoedige offers laat bring;

**1.6.2.6** ons na mekaar laat omsien; en

**1.6.2.7** ander se belange eerste soek.

**1.7** Met die oog op die doeltreffende bestuur, prioritering, sinergering en koördinerings van rings- en sinodale projekte, ontmoet die SK

Ringskommissies jaarliks gedurende April. Die koste van hierdie ontmoetings word uit die sinodale dankoffers vir die betrokke projek-jaar gedeelg.

### 2. PROSEDURE (SIEN OOK SKEDULE - PUNT 4)

**2.1** Die SK ontmoet ringskommissies gedurende April om die ringe te bemagtig en rings- en sinodale projekte te sinergeer.

**2.2** Die ringe sit tussen Julie en middel September om ringsprojekte onder andere te beplan.

**2.3** Ringe moet jaarliks hulle projekplanne volgens die voorgeskrewe projekaansoekvorm (by die Sinodale Kerkkantoor beskikbaar) voor of op die einde van September by die Sinodale Kerkkantoor indien. Geen laat aansoeke word oorweeg nie.

**2.4** Die DA verdeel die aansoeke volgens netwerke en berei dit voor vir oorweging deur die volgende netwerkbestuurders:

**2.4.1** Barmhartigheid - Ds Anton Oliphant

**2.4.2** Familie - Ds Eugene Malan

**2.4.3** Getuienis - Ds Johan van Niekerk

**2.4.4** Jeug - Ds Willem Petzer

**2.4.5** Liturgie, fasilitering en die oorhoofse bestuur van die netwerke - Ds Barnard Steyn

**2.4.6** Navorsing - Prof Piet Naudé

**2.4.7** Predikante-versorging - Dr Kobus Prinsloo

**2.4.8** Vroue-bediening - Mev Tish Steyn.

**2.5** Netwerkbestuurders verleen kundigheid en koördineer die ringsprojekte wat op hul onderskeie terreine van toepassing is.

**2.6** Die DA besorg voor die middel van Oktober 'n hardebladkopie van die toepaslike projekaansoeke aan die spesifieke netwerkbestuurders sodat hulle aanbevelings daarvoor aan die SK-dagbestuur kan maak. Die DA gee ook 'n aanduiding van die fondse wat vir die projekte beskikbaar is.

**2.7** Netwerkbestuurders ontvang 'n globale lys van al die projekaansoeke waarop onder ander aangedui is onder welke netwerk dit ingedeel is.

**2.8** Van elke netwerkbestuurder word verwag om:

**2.8.1** deur die projekaansoeke op sy/haar terrein te werk;

**2.8.2** die projekte te vergelyk met (a) die ander projekte wat onder sy/haar netwerk ressorteer en (b) met die globale projektelys met die oog op koördinering;

**2.8.3** vas te stel waar koördinering nodig/wenslik is (op die netwerk se lys, maar ook op die globale lys), byvoorbeeld waar bronne meer doeltreffend aangewend kan word;

**2.8.4** in gesprek te tree met die betrokke projekteleier oor die projek en/of ander netwerkbestuurders om waar nodig meer inligting te bekom;

**2.8.5** aanbevelings betyds na die DA deur te gee sodat dit met die oog op die eerskomende SK-

dagbestuur se vergadering aan almal gestuur kan word; en

**2.8.6** aanbevelings oor die projekte te maak wat die volgende moet insluit:

**2.8.6.1** word die projek aanbeveel of nie;

**2.8.6.2** welke verbeterings die waarde van die projek sou kon verhoog (byvoorbeeld: hoe kan die projek verbeter word om beter aan sy doelwit te voldoen; om fondse meer ekonomies en doeltreffend te benut, en so meer); en

**2.8.6.3** op welke wyse, indien enige, kan ander ringe en gemeentes by die projek baat.

**2.9** Die SK-dagbestuur oorweeg die netwerkbestuurders se projekaanbevelings en die jaarlikse begroting om aanbevelings daarvoor aan die SK te maak..

**2.10** Die SK-dagbestuur se projek- en begrotingsaanbevelings word deur die DA vir oorweging deur die SK voorberei. Stukke moet betyds by SK-lede besorg word sodat hulle die projekaanbevelings en die jaarlikse begroting deeglik kan oorweeg.

**2.11** Die SK oorweeg die projekaansoeke en die jaarlikse begroting en besluit daarvoor om ringe en ander betrokkenes betyds voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar vir hulle werksaamhede te bemagtig.

**2.12** Die DA stel ringe en ander betrokkenes voor 1 Februarie in kennis van die SK se besluite oor projekte en die jaarlikse begroting.

**2.13** Die DA skeduleer die projekuitbetalings en hanteer alle navrae om te verseker dat fondse soos aangevra vir projekte uitbetaal word en om projekteleiers te ondersteun waar nodig.

**2.14** Die Sinodale Kerkkantoor vorder die Sinodale Dankoffers deur die loop van die jaar om te verseker dat fondse vir die daaropvolgende jaar se projekte beskikbaar is.

### 3. BEFONDSING

**3.1** Ringsprojekte word jaarliks uit die Sinodale Hulpfonds gefinansier wat met Sinodale Dankoffers uit die voorafgaande jaar aangevul word.

**3.2** Ter wille van kontantvloei-beplanning, moet projekaansoeke die datum(s) aandui waarop fondse uitbetaal moet word. Fondse word slegs aan Ringe uitbetaal. Die Ring se volledige bankbesonderhede (rekening-naam en -nommer, takkode) moet op die projekaansoek voorsien word.

**3.3** Fondse mag slegs aangewend word vir die doel waarvoor dit toegeken is. Geen oorskryding van die toegekende fondse per projek sal, vir welke rede ook al, toegelaat word nie.

**3.4** Die moontlikheid bestaan dat die werklike besteding op 'n projek minder is as die fondse wat

daarvoor goedgekeur is. Oor hoe sodanige surplus hanteer moet word, het die Sinodale Kommissie op 13 Mei 2004 die volgende besluit geneem. Die surplus op projekte kan:

**3.4.1** in dieselfde jaar, tussen die Ring se ander goedgekeurde projekte verdeel word (die Sinodale Kerkkantoor moet skriftelik hiervan in kennis gestel word); en/of

**3.4.2** in dieselfde jaar, deur die Ring vir 'n nuwe projek(te) aangewend word wat deur die SK-dagbestuur goedgekeur moet word; en/of

**3.4.3** deur die Ring vir goedgekeurde projekte in die volgende jaar in reserwe gehou word (die Sinodale Kerkkantoor moet skriftelik hiervan in kennis gestel word).

#### 4. SKEDULE VAN AKTIWITEITE

AKTIWITEIT	DATUM	DOEL
1. SK ontmoet ringskommissies (Bosberaad).	April	Om die ringe te bemagtig en rings- en sinodale projekte strategies te sinergeer.
2. Ringsittings	Julie, Augustus tot middel September	Om ringsprojekte onder andere te beplan.
3. Ringe dien projekaansoeke by die Sinodale Kerkkantoor in.	Voor einde September	Om die DA in staat te stel om ringe se projekaansoeke volgens netwerke te verdeel en dit vir oorweging aan B-Net en die netwerkbestuurders deur te gee. Ander projekte word deur 'n kommissie bestaande uit die moderatuur en DA oorweeg.
4. DA berei die jaarlikse begroting en die bedrag wat vir projekte beskikbaar is, voor.	Voor middel Oktober	Om die netwerkbestuurders en die moderatuur in staat te stel om oor die toekenning van projekfondse te besin. Vir die doel van die begroting, word die Sinodale Dankoffers van die voorafgaande jaar en rente op beleggings vir die huidige jaar tot en met die einde van die daaropvolgende Februarie vooruitgeskat, as inkomste-basis gebruik.

5. Evaluering van ringe se projekaansoeke deur netwerkbestuurders en skakeling daarvoor met ringe waar nodig. Evaluering van ander projekte deur moderatuur en DA.	Voor middel Oktober	Om aanbevelings oor die projekte aan die SK-Dagbestuur te maak.
6. SK-Dagbestuur oorweeg die netwerkbestuurders en moderatuur se projek aanbevelings en die begroting.	Einde Oktober	Om aanbevelings daarvoor vir die SK te maak.
7. SK-Dagbestuur se projek- en begrotingsaanbevelings word deur die DA vir oorweging deur die SK voorberei.	Voor middel November	Om stukke betyds by SK-lede te besorg sodat hulle die projekaanbevelings en die jaarlikse begroting deeglik kan oorweeg.
8. SK oorweeg die projekaansoeke en die jaarlikse begroting en besluit daarvoor.	Einde November	Om ringe en ander betrokkenes betyds voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar vir hulle werksaamhede te bemagtig.
9. DA stel ringe en ander betrokkenes in kennis van die SK se besluite oor projekte en die jaarlikse begroting en maak seker dat alle verslae oor die huidige jaar se projekte ingedien is alvorens fondse vir die volgende jaar se projekte uitbetaal word.	Desember / Januarie	Om hierdie inligting voor 1 Februarie mee te deel.
10. Die DA skeduleer die projekuitbetalings en hanteer alle navrae.	Maart tot Februarie	Om te verseker dat fondse soos aangevra vir projekte uitbetaal word en om projekteiers te ondersteun waar nodig.
11. Die Sinodale Kerkkantoor vorder die Sinodale Dankoffers deur die loop van die jaar in.	Maart tot Februarie	Om te verseker dat fondse vir die daaropvolgende jaar se projekte beskikbaar is.

**D6 VERKLARING VAN DIE ALGEMENE  
SINODE 2002**

Tydens die vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk het ons as afgevaardigdes al hoe meer oortuig geraak van die liefde van Christus en daarom ook van die NG Kerk se roeping en plek in Suider-Afrika.

**Daarom:**

**(a)** verbind ons ons opnuut aan die Here wat ons kerk 350 jaar gelede hier geplaas het. Ons dank Hom vir die voorreg om ook nou deel van sy kerk te kan wees. Ons is daarvan oortuig dat net die Evangelie van Christus ons op 'n pad van heil kan plaas. Daarom wil ons as kerk die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, en orals getuigenis aflê van die hoop wat in ons leef;

**(b)** verbind ons ons opnuut tot ons vasteland, in die besonder Suider-Afrika. Die tragiese verhale van die allerverskriklikste vorms van geweld, die geweldige omvang van armoede en gevolglike hongersnood, die gevolge van die vigsyndemie, die gebrek aan respek vir mense, diere en die omgewing, en ook ons aandeel daaraan, het ons ontstel. Die Sinode betuig sy meegevoel aan die talle slagoffers. Ons wil ook 'n verskil maak. Daarom verbind ons ons om mee te werk aan oplossings vir ons samelewing. Ons stel ons as kerk beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help betrokke te raak. Ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenisse tot diens aan die gemeenskap;

**(c)** verbind ons ons tot groter eenheid met ander kerke. Ons wil graag herenig met ons kerkfamilie, soos ons glo God dit wil hê. Ons wil ook graag ons ekumeniese bande bevestig en uitbrei en saam met alle ander Christene hande vat om ons land op te bou en pynlike omstandighede te verlig;

**(d)** roep ons gemeentes op om by die genesing van ons land betrokke te raak. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons orals hoor. Kom ons wys die wêreld opnuut dat ons as "sout van die aarde" en "lig van die wêreld" God se Koninkryk wil laat kom.

**Ons het 'n Here. Ons is hier. Ons is sy kerk.**

**Aan God al die eer.**

**D7 GELOOFSVERKLARING VAN DIE  
SINODE VAN OOS-KAAPLAND JUNIE  
2002**

***Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees***

### 5. Algemene opmerkings

Kennis geneem.

### 6. Terugblik

Kennis geneem.

### 7. Vooruitskouing

### 8. Slotsom

Kennis geneem.

## 43. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE PT 13, P.7 (VERVOLG)

### 13.2 Sinodale Funksies: Strukturering en Befondsing

#### 13.2.1 Kennis geneem.

#### 13.2.2 Goedgekeur.

## 44. A2.2 SINODALE FUNKSIES VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND: DIE STRUKTURERING EN BEFONDSING DAARVAN 2003 TOT 2005 P.10

### 1. Sinodale Funksies

#### 1.1 - 1.4 Kennis geneem.

#### 1.5 Goedgekeur.

### 2. Die Strukturering van Sinodale Funksies

#### 2.1 - 2.2.4 Kennis geneem.

#### 2.5 Goedgekeur.

### 3. Die Befondsing van Sinodale Funksies

#### 3.1 – 3.5.2.2 Kennis geneem.

Hiermee is punt 12 van A2, Verslag van die Sinodale kommissie (p. 7), afgehandel.

**DONDERDAG 28 JULIE 2005  
TWEDE OGGENDSITTING**

## 45. A2.2 SINODALE FUNKSIES VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND: DIE STRUKTURERING EN BEFONDSING DAARVAN 2003 TOT 2005 (VERVOLG) P.11

#### 3.5.2.2.1 Kennis geneem.

### **AMENDEMENT 2 (Verwys na A2.2 pt 3.5.2.2.1)**

Die Sinode konsolideer die boekhouding van alle fondse wat nog in terme van die vorige bedeling vir kommissies ge-oormerk is in die Sinodale Bystandsfonds en gee opdrag aan die SK om die fondse, binne die raamwerk van die huidige sinodale funksies, steeds te gebruik vir die

befondsing van die werksaamhede wat die Sinode van 2002 aan die Sinodale Kommissie opgedra het. Dieselfde reëling en opdrag geld vir sinodale kollektes.

(Tydelike Fondsekommissie)

**Goedgekeur**

Hiermee is punt 5.1.1 van die Eerste Verslag van die Tydelike Fondsekommissie afgehandel.

### **AMENDEMENT 3 (Verwys na A2.2 pt 3.5.2.2.1)**

1. Die SK kry opdrag om alle fondse wat nog die benamings dra van diensterreine voor 2002 in verband te bring met die funksies van die sinode.
2. Die SK kry volmag om hierdie fondse binne die funksies soos geïdentifiseer is, aan te wend.
3. Die Sinode besluit dat sinodale kollektes vir ringsprojekte ge-oormerk word, behalwe dié vir jeugverwante sake wat vir skoolverlaterskampe bedoel is.

(Di DF Oelofse / H Retief)

**Goedgekeur**

**3.6 Kennis geneem.**

**3.6.1 Kennis geneem.**

### **AMENDEMENT 4 (Verwys na pt 5.2.2 van F1 Eerste Verslag van die Tydelike Fondsekommissie)**

Die Sinode besluit dat tot 'n maksimum van 85% van die rente op die Sinodale Bystandsfonds vir die befondsing van sinodale werksaamhede gebruik word.

(Tydelike Fondsekommissie)

**Goedgekeur**

Hiermee is pt 5.2 van F1, Eerste Verslag van die Tydelike Fondsekommissie, afgehandel.

**3.7 Kennis geneem.**

**3.7.1 Kennis geneem.**

### **AMENDEMENT 5 (Verwys pt 5.3 van die Eerste Verslag van die Tydelike Fondsekommissie F1)**

Die volgende sin word by die aanbeveling in pt 3.7.1 gevoeg:

Die ideaal bly steeds dat die Sinodale Hulpfonds sover moontlik nie aangewend word vir sinodale werksaamhede nie. Verslag hieroor sal gedoen word in 2007.

(Tydelike Fondsekommissie)

**Goedgekeur**

Hiermee is pt 5.3 van F1, Eerste Verslag van die Tydelike Fondsekommissie, afgehandel.

**3.7.1.1 - 3.9.1.4 Kennis geneem.**

**3.10 - 3.10.1 Kennis geneem.**

**3.10.2 Goedgekeur.**

### **AMENDEMENT 6 (Word bygevoeg by pt 3.10.2 van A2.2 Verslag van die Sinodale Funksies van die NG Kerk in Oos-Kaapland)**

Sinodale werksaamhede vir sover dit die breë kerkverband raak.

(Tydelike Fondsekommissie)

**Goedgekeur**

### **AMENDEMENT 7 (Word bygevoeg by pt 3.10 as 3.10.3 van A2.2 Verslag van die Sinodale Funksies van die NG Kerk in Oos-Kaapland)**

Daar ondersoek gedoen word na die finansies van die Sinode ten opsigte van werksaamhede, met inbegrepe die sinodale verpligting aan die breë kerkverband.

(Tydelike Fondsekommissie)

**Goedgekeur**

Hiermee is F1, Eerste Verslag van die Tydelike Fondsekommissie, pt 5.4 afgehandel.

**4. Sinodale Dankoffers**

**4.1 – 4.3.6.2 Kennis geneem.**

**4.4 Kennis geneem**

### AMENDEMENT 8

#### (Vervang Aanbeveling 4.4 in A2.2 Verslag van die Sinodale Funksies van die NG Kerk in Oos-Kaapland)

Die Sinode neem kennis dat die gees en bedoeling van die 2002 Sinode bereik word, deurdadig vermoënde gemeentes in 'n groter mate bydra tot die Sinodale Dankoffers as minder vermoënde gemeentes.

(Tydelike Fondsekommissie)

**Goedgekeur**

### AMENDEMENT 9

#### (Word bygevoeg as Aanbeveling 4.5 by A2.2 Sinodale Funksies van die NG Kerk in Oos-Kaapland)

Die Sinode gee die SK opdrag om die stelsel waarvolgens Sinodale Dankoffers ingesamel word, te ondersoek, insluitende die Botes-formule soos tans gebruik, met verslag aan die sinode 2007.

(Tydelike Fondsekommissie)

**Goedgekeur**

### 46. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE P.2 (VERVOLG)

9.1 – 9.2 Kennis geneem.

9.3 - 9.3.2 Goedgekeur.

Hiermee is beskrywingspunt B2 en pt 2 F1 Eerste Verslag van die Tydelike Fondsekommissie ook afgehandel.

### 47. C BESKRYWINGSPUNTE RAKENDE BEPALINGS EN REGLEMENTE P.15 (VERVOLG)

C1 KERKORDE REGLEMENT 8 PUNT 8

1. Afgehandel (vergelyk pt 41 van die notule)
2. Kennis geneem.
3. Goedgekeur.

### 48. PATMOS-GEMEENTE

Die voorsitter, ds Hansie Schutte, gee oudl Louis Coetzee en ds Jan Kampman 'n geleentheid om die vergadering toe te spreek.

Ds Jan Kampman gaan die vergadering voor in gebed.

### MOSIE

Die Sinode rig 'n skrywe aan di Pienaar en gesinne asook Perisos om hul te verseker van ons volhardende voorbidding.

### 49. MACLEAR-GEMEENTE

Die voorsitter bid ds Sollie Pretorius en sy gesin baie seën en sterkte toe, en dat die Here ryklik aan hulle as gesin sal voorsien.

### 50. BEDANKINGS

Die voorsitter doen enkele bedankings.

### 51. AFSLUITING

Dr Chris van Wyk bedank die voorsitter en lei die afsluitingsgeleentheid.

Afgevaardigdes kry geleentheid om hul droom vir die sinode op 'n velletjie papier te skryf en na vore te bring. Dit word as Bylaag H6 in die Handeling opgeneem.

Die vergadering gaan na gebed uiteen.

## BYLAAG H1

### GOD, GELOOFSBELYDENIS EN SINODALE VISIE VOORDRAG DEUR PROF PJ NAUDÉ

Liewe Broers en Susters,

Ons beskik nie oor God nie – ons kom net met Hom in kontak deurdat Hy Hom in genade openbaar. Ons rig onself in ons nadenke op God. Ons selfverstaan, ons verstaan van die kerk groei uit ons soeke na die ken van God.

#### 1. “Contemplating the face of God”

Luther het die Romeinebrief bestudeer en het helder kon onderskei wat die geregtigheid van God beteken.

God se regverdiging kom nie deur die bemiddeling van die priesters of sakramente maar deur die vrye genade in Jesus Christus deur die geloof.

Wanneer Calvyn sy groot werk oor God skryf, begin hy by die vraag: Hoe sal ons God en onself beter leer ken. Groei uit 'n soeke na die gesig van God.

Teenoor Schleiermacher wat God in jouself wou ontdek, stel Barth dat mens God leer ken deur na Hom te soek. As jy wil uitvind wie jy is, kyk na Jesus.

Die Barmen-Verklaring begin met Joh 14:6: “Jesus sê: “ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie”. Geen ideologie kan saamleef met die gedagte dat niks behalwe Jesus die Waarheid van God is nie.

Met die vervalsing van die evangelie in onder andere ons eie kerk, het mense by Belhar se kerk bymekaargekom en 'n belydenis geskryf: “Ons glo in God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees wat sy kerk deur die eeue versamel en tot aan die einde sal bewaar...”. Jy moet oor die kerk praat nadat jy oor God gepraat het.

Toe prof Willie Jonker sy belydenis by Rustenburg gemaak het, sê hy: “Before God and my countrymen, I hereby confess not only on my own behalf, but on behalf of the DRC and the Afrikaners...” Hy het God se gesig gesien. Ek het hom later gevra wat hy vooraf gelees het en wat deur sy gedagtes gegaan het. Hy het Bonhoeffer die aand vooraf gelees waar hy praat oor die plaasbekledende belydenis van Jesus Christus.

Die NG Kerk kon tot 'n selfontdekking kom wie ons is, omdat ons voor God kon staan, vrygespreek deur die bloed van Jesus Christus, en vanuit God ons selfverstaan kon formuleer.

Uit die tradisie van die Christelike kerk leer ons dat jy God beter vind in die woestyn – fisies, maar

ook figuurlik – alleen saam met God. Moses ontvang sy visie in die woestyn, die volk is vir 40 jaar in die woestyn. Dit was teologiese tyd. Jesus was 40 dae in die woestyn.

Paulus was blind na Hy Jesus ontmoet, sodat hy geestelik kan sien.

As dit met die kerk swaar gaan, onthou dat mens die gesig van God helderder in die woestyn raaksien. Daar gebeur wonderlike goed omdat mense net oper vir God is.

Ek ontdek in die NG Kerk die werklikheid dat ons 'n nuwe kant van God raaksien.

Beyers Naudé se groot groei in teologiese insig het gekom deur 'n boek wat hy gelees het: Bennie Keet se “Waarheen Suid-Afrika”. Toe hy sewe jaar in huisarres was, het hy diep onder die indruk gekom wie God is. Wie is ek voor God?

Die Oos-Kaapse sinode behoort iewers in die natuur bymekaar te kom – daar waar mens God helder kan sien – en ons noem die sinode “Contemplating the Face of God”. Moenie enige besluite neem nie, fokus op God. God tel jou op as jy sy gesig soek.

#### 2. Mens vind God as jy die Woord lees.

Die groot geheim van Luther is sy lees van die Bybel en die vertaling daarvan in Duits. Vir meer as 100 jaar is die Bybel in 'n ander taal as Latyn in Engeland verbied uit vrees vir chaos as almal die Bybel kan lees.

Waar die Bybel in die erediens verdring word, het jy sterk gevoelens maar lae openbaring. Hierdie Woord is 'n krag van God tot redding vir almal wat glo en nuttig om ons te leer.

Die gepredikte Woord is die Woord van God.

#### 3. Die aanskoue van God verander jou

Jy kan nie God se gesig sien en dieselfde bly nie. Jy kan allerlei sosiale en pedagogiese teorieë aanwend om prosesse te verstaan, maar bly God op die regte plek soek. Jesaja: “In die sterfjaar van Koning Ussia het ek die Here gesien...” Wanneer Jesaja God sien, ontdek hy homself. Wat ontdek hy – ek is 'n sondige mens ... dit is klaar met my!

As jy God sien, val jy op jou knieë neer en roep uit: “Dit is klaar met my, en ek woon onder 'n volk wat onrein is.” As jy voor God uitroep dit is klaar met jou – en as die sinode dit sou doen – sal God jou nooit op jou knieë los nie. Hy sal Hom nie in jou skuld verlekter nie... Hy vra: Wie sal Ek stuur?

Dis eers anderkant die Godsontmoeting dat jy kan vra waarheen gaan jy en watter middele het jy.

#### 4. Wat sien jy as jy God sien?

Daar is eienskappe van God waarvan Hy sê hoe Hy is en hoe Hy wil hê ons moet wees:

“Julle moet heilig wees, want Ek is heilig”;

“Julle moet volmaak wees soos julle Vader in die hemel volmaak is”;

“Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefgehad het”;

“Julle moet een wees soos Ons een is”;

Ons bly worstel met eenheid omdat God een is. Ons leer ons kinders om as ‘n etiese minderheid te lewe – omdat God heilig is.

Ons sal ook ons vyande liefhê omdat God in ons harte die liefde uitstort wat dit moontlik maak.

Ons sal ‘n groot fout maak as ons gaan soek na uiterlike tekens van sukses waaraan ons ons kerk-wees meet as ons ‘n *performance management system* inbring. Wat doen jy in die woestyn as jy net minder lidmate het en minder dominees kan betaal.

Hebreërs 11: “Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is...” As jy bv Abraham se lewe moes meet aan sy suksesse – land en nageslag – sou daar nie veel wees nie. “Maar hulle het dit in die verte gesien en daarvoor gejuig”.

Ek dink daar het ‘n tyd gekom waar ons nie met empiriese getuienis moet wandel nie, maar in geloof, sonder om te weet waar ons gaan uitkom. Ons bly op die pad want ons sien die onsienlike God.



## BYLAAG H2

### TERUGVOER OOR DIE GROEPSBESPREKINGS OOR KERKHERENIGING - DS HANS STEYN

**Wat word moontlik vir die N.G. Kerk familie saam vorentoe as ons hierdie unieke bydraes (of boustene) ontdek en toepas?**

#### 1. EERSTE TERUGRAPPORT:

Wat gaan / wil / moet ons wees as familie?

DAADWERKLIKE...

- Gehoorsaamheid aan die Woord van God. (Luister, Doen, Bid)
- Koinonia (Handelinge 2) (Gemeenskaplik, Fisies, Bymekaar kom)
- God verheerlik deur stories te vertel
- Streef om soos Jesus te leef:

LEEF DIE LIEFDE

- Eensgesind saam stry (Fil 2:27; Efes 4)

#### 2. TWEDE TERUGRAPPORT:

- Een kerk waar almal welkom is
- Hulpbronne in terme van kundigheid en gawes vir mekaar word (verrykend)
- Nuwe geleenthede vir diens aan God en aan mekaar, sowel as die wêreld, sal geskep word.
- Een in strewe om die koninkryk van God uit te brei
- Meer wedersydse begrip vir mekaar
- Volkome vergifnis vir die verlede - wedersyds

#### 3.

- Sterker getuienis - vrug van die Gees beleef
- Nuwe vriendskappe
- Persepsies van mekaar verander
- Meer diensbaar wees / Nood beter aanspreek
- Nuwe definisie van waaroor kerkwees gaan
- Meer vreugde
- Onderlinge opbou en vorming
- Kapasiteitsbou
- Breër teologiese perspektief
- Gehoorsame kerk
- Wegbreek van middelklas / volkskerk

#### 4.

- Een heilige, algemene, Christelike kerk!
- 'n Tuiste vir almal
- Openheid en vriendelikheid
- Liefde / omgee
- Begrip

#### 5.

- Neem 'n gemeente aan. Kontak: kuier, bid vir mekaar
- Gooi kerkdeure oop: middaguur dienste; lof en aanbidding; voorbidding
- Hou gesamentlike fondsinsamelings-projekte vir uitreikaksie en kinders en oumense wat in nood is, ens
- Nooi kore en gemeentelede uit
- Damestee's waar vroue saam loof en prys en kuier (- en mans!)
- Om die tafel geleenthede om oor eie stories te gesels - seer te deel en toekomsdrome

#### 6. DAAR SAL

- Groter dinamiek gegee word aan eenheid
- Beter menslike verhoudings wees
- Tyd spandeer met mekaar en **LUISTER** na mekaar
- Betrokke raak by mekaar se nood
- Strukturele eenheid (hereniging) sal verdeel

#### 7. WAT WORD MOONTLIK?

- Geleenthede binne die gemeenskap
- Samewerking op gemeentevlak
- Makro-gemeentes: In groter eenhede met sentrale admin
- Groot uitdagings kan oorkom word deur wedersydse respek (taal; kultuur, ens)
- "vrese" kan oorwin word
- Evangelisasie – dit is 'n moet
- Demografiese realiteite akkommodeer

#### 8.

- Gesamentlike projekte
- Saam uitreik na
  - Buite-kerklikes
  - Noodlydendes

#### 9 MOONTLIK:

- Ons gaan 'n groot gelukkige familie wees
- Kragtige gesamentlike getuienis
- Liggaam van Christus realiseer
- Vrugte van eenheid is respek, aanvaarding en liefde
- Vry van remmende bagasie (faktore)
- Gehoorsaam aan God se opdrag tot eenheid
- Tot eer van God
- God sal ook aan 'n nuwe, gebroke, een kerk, getrou wees (een kerk sal ook nie volmaak wees

nie)

### 10.

- Gesamentlike eredienste
- Beter begroting
- Bediening vir almal
- Kruisbestuwing (leer by mekaar)
- Vingerwysing na mekaar verval
- Gewone lidmate steek grense oor en wag nie vir predikante nie
- 'n Kerk waarop ander denominasies jaloers sal wees
- Beter rolverdeling: meer gawes met meer bedieningsmoontlikhede
- Geloofwaardigheid na binne en buite
- Mededeelsaamheid met finansies
- Die moontlikheid van een struktuur
- Sal meer op die toekoms en hede kan fokus (konsentreer) i.p.v. die verlede
- 'n Kerk vol uitdagings in 'n wêreld vol uitdagings

### 11.

- Nader aan mekaar kan groei deur persoonlike kontak
- Meer akkommoderend
- Kennis van mekaar
- Een-tot-een vlak
- Tyd spandeer met mekaar
- Tyd saam moet visie-gedrewe wees

### 12. WATTER MOONTLIKHEDE?

- Proses het begin – het 'n suikrag effek
- Ingesuig/ingetrek – NIE gedwing
- Eenheid verhoog die geloofwaardigheid
- Meer mense bereid om te gee / kom by God uit
- God word verheerlik
- Sy groter seën word ontsluit
- Stel ons in staat om sosiale knelpunte beter aan te spreek / op te los
- Ons word ryper – horisonne verskuif
- Spandeer tyd met God / voor God om Sy hartklop te voel

### 13.

- Onderlinge respek
- Vertroue
- Aanvaarding
- Toekomsgerigtheid

### 14.

- Interkulturele kerk
  - Multi-linguïsties
  - Multi-rassig
- Multi-funksionele kerk
  - Een kerkgebou, baie verskillende dienste
- Gemeenskapskerk wat oop is vir alle behoeftes

van die gemeenskap

### 15.

- NICE is nie gelyk aan 1
- Multi-kulturele bediening (groei; verryk – laat koninkryk kom)
- Voorsien in geestelike nood van mense

### 16. MOONTLIKHEDE

- Verloor ou identiteit en wen nuwe identiteit
- Eenheid in Christus ten spyte van verskeidenheid
- Fokus buite onself
- Versoening
- Begrip
- Aanvaarding
- Verdraagsaamheid

### 17.

- Begrip vir mekaar se omstandighede
- Ontvanklik vir mekaar se uitreike
- N.G. Kerk sonder grense
- Groter geestelike groei "revival"
- Geestelike bron wat almal kan voed (geestelike weermag)
- Groter sigbaarheid van liefde

### 18.

- Kweek van wedersydse vertroue
- Dit sal getuienis van God se liefde uitstraal

### 19.

- Nuwe naam – identiteit
- Opregte sigbare gemeenskap van gelowiges by gesamentlike byeenkomste
- Evangelie-gedefinieerde kerk en nie mens-gedefinieer nie

### 20.

- Eenheid maak baie meer dinge moontlik
- Geheel is groter as die dele (kan meer vermag)
- Kan praktiese struikelblokke oorkom
- Kan geloofwaardige getuies wees
- Groter invloed by die regering en in die gemeenskap

### 21. WAT WORD MOONTLIK

- Kerkgroei: Paterson: 184 lidmate - 290 lidmate. Humansdorp: 2000 lidmate - 2500 lidmate
- Inklusiewe naam kry (raak ontslae van bagasie): Nuwe gemeenskap - respek, vertroue, eerlikheid
- Ruimte word geskep vir spontane groei

- Eie unieke Geloofsbelydenis van ons nuutontdekte waardes en eenheid

### 22.

- Kerk kan weer krag word wat hele samelewing verander
- Vooroordele breek af – word vervang deur vertrouwe
- Vertrouensverhoudings

### 23. KERKHERENIGING

- Samewerking m.b.t. aksies
  - EE III
  - Jeug / uitreike
  - Kanselruiling
  - Gesamentlike Pinkster
  - Kerssangdiens
  - Toerusting
  - Leiersvergaderings
  - Noodverligting
  - Dat die koninkryk van God so versterk kan word / gebou kan word

### 24.

- 'n Kerk wat eensgesindheid nastreef
- 'n Kerk wat ruimte bied vir spontaniiteit
- Multi-kulturele bedienings
- 'n Kerk wat fokus op God en nie op menslike verskille nie

### 25.

- Daar is vraagtekens oor die proses.
- Daar is onsekerheid of ons regtig die Here se aangesig gesoek het

### 26. WAT WORD MOONTLIK:

- 'n Spontane groei van plaaslike gemeentes na mekaar – sonder dat formele strukture afgeforseer moet word om eenheid te bewerk
- Samewerking nie afhanklik van een kerkverband
- Geloof in God-Drie-enig word nuut verstaan as band van eenheid

## BYLAAG H3

### CHRISTUS IN ONS BROERS DS HANSIE SCHUTTE

Hierdie is Jannie en Willie se storie, en op 'n manier ook Oom Daan Sinode, Willie se oom aan vaderskant, s'n<sup>1</sup>. Oom Daan het sy bynaam gekry omdat hy so gereeld na sinodes afgevaardig is.

Natuurlik het beide Jannie en Willie ook hul eie storie gehad. Willie is in 'n klein plattelandse dorpie gebore. Omdat hy as baba en later as klein seuntjie nogal sieklik was, het sy ma hom oorbeskerm. Toe hy groter word het hy soos al sy maatjies begin om rugby te speel, maar sommer gou het hy agtergekom dat dit nie vir hom lekker was nie. Die reuk van sweet onder in die losskrum het hom naar gemaak, en later in sy lewe sou hy hierdie spel as *dierlik* beskryf. Tot sy pa en maatjies se teleurstelling het hy halfpad deur die seisoen ophou rugby speel, en, op aandrang van sy ma, begin om musiek by Tannie Tossie te neem.

Op 'n dag het hy die rugby-afrigter iewers hoor sê dat hy moeg is vir al die *sissies* in die skool, maar eers later beseft dat die onderwyser ook na hom verwys het. Algaande het dit tot hom deurgedring dat van die seuns en hul pa's agter hul hande van hom gepraat het. Woordes soos *skeef* en *moffie* en *homo* en *boudkapper* het na sy kant toe gekom. Later was dit *gay* en *agtermekaarmannetjie*. Sy ma het dit egter alles afgemaak met *Dis nonsens - hulle is net almal jaloers op jou!*, en aanvanklik was hierin genoeg troos vir sy jong gemoed. Toe Oom Daan egter op 'n dag weer kom kuier en hy hom aan sy ouers hoor sê dat hulle vir hom wat Willie was hulp moes kry, *want die Bybel sê homoseksualiteit is 'n afwykende vorm van seksualiteit en in stryd met die wil van God*,<sup>2</sup> het dit vir die eerste maal regtig tot hom deurgedring dat hy *anders* was. O ja, van al daardie groot en veemde woorde het hy toe nog nie veel verstaan nie, maar omdat hy 'n geniale kind en ywerige en opmerksame leser was, en hul huis vol woordeboeke, sou hy spoedig die ontdekking maak : *Ek is anders as die meeste ander seuns, en God en die wêreld aanvaar nie my andersheid nie!*

Willie het nie oor hierdie *ding* gepraat nie. *Wie sal dit nou regtig verstaan?* het hy homself snags

<sup>1</sup> Jannie en Willie is fiktiewe karakters, en enige ooreenkomste met werklike persone is suiwer toevallig. Oom Daan Sinode verwys op 'n manier na die Algemene Sinode van die NG Kerk se 1986-besluite. Die (latere) studenteleraar verteenwoordig die 2004-besluite

<sup>2</sup> AS 1986 Handeling p672 pte 30.5.3.1-2, 30.5.3.8

snikkend in die alleenheid van sy donker kamer afgevra. *Ek wonder of dominee wat Sondae so slim en geleerd klink, en wat so duidelik weet wat sonde is en wat nie sonde is nie, begrip vir my sal hê en sal verstaan hoe swaar ek kry?*<sup>3</sup>

Maar hy het nooit met dominee oor sy *geheim* gaan praat nie. En miskien was dit ook maar goed so. Want watter tiener wil graag hoor dat hy 'n *afwykende gerigtheid* het en dat die kerk hom graag wil bystaan met *Bybelgefundeerde hulpdienste en -programme*<sup>4</sup>?

Willie het hard gewerk en was 'n modelstudent wat dwarsdeur sy skool- en universiteitsloopbaan 'n toppresterder was - 'n jongman op wie almal baie trots was. Of miskien nie almal nie : Oom Daan was die een wat meer as gereeld met so 'n halwe glimlaggie om die mondhoeke gevra het : *Willie, kom sê vir Oom Daan : Het jy nou al 'n ou meisietjie daar op Stellenbosch, hê?*

Nee, 'n meisie het hy nie gehad nie. Maar wel 'n baie goeie vriend, 'n siels- en geesgenoot, Jannie.

Jannie was 'n stadskind - die enigste van sy ouers, soort van 'n laatlam, en heel te verstane bederf tot in die afgrond toe. In hulle huis was Ma die baas en Pa die dienswillige. Ma sou in 'n eerlike oomblik ook moes erken dat sy eintlik glad nie sou omgee as Jannie *Janine* sou wees nie, want sy self het nooit 'n sussie gehad nie en op 'n manier moes die baba in hierdie lankgevoelde gemis voorsien. Geen wonder dus dat sy vir Jannie soms, net soms, 'n rokkie in plaas van 'n broekie en hempie aangetrek het nie. Bygesê, dit was darem altyd net wanneer hulle as gesinnetjie alleen was. Dan het Pa flouweg beswaar gemaak, maar nou ja, sy besware is, soos hyself, selde ernstig geneem.

Dit was vir niemand vreemd dat Jannie nie rugby gespeel het nie. Ook nie dat hy so opgegaan het in sy fluit- en vioollesse nie. In die stad is dit mos nou eenmaal anders : mense is minder by mekaar se persoonlike dinge betrokke. Jannie was mal oor meisies en hulle oor hom. Van sy kant kon hy volledig met hulle identifiseer, en van hulle kant was hy hierdie wonderlike interessante seun wat onderhoudend oor alles en nog wat, ook oor *hulle* dinge, kon gesels. Ook hul pa's was doodgerus : by Jannie was hul dogters veilig!

Maar Jannie het ook 'n geheim gehad. In graad 11 het hy bewus geraak dat hy aangetrokke voel

<sup>3</sup> AS 1986 Handeling p672 pt 30.5.3.6

<sup>4</sup> AS 1986 Handeling p672 pt 30.5.3.4-5

tot die kaptein van die skool se eerste rugbyspan. Wat meer is: hy kon sweer dat hy ook iets van 'n wederkerigheid in laasgenoemde se blik sien! By vermoedens het dit egter gebly, tot op 'n dag. Dit was tussen klasperiodes, en hy moes gou kledkamer toe. Hy was besig om sy hande by die wasbak te was - buite het die klok se gelui al die aanbreek van die volgende lesuur aangekondig. Toe hy opkyk in die spieël was hy daar - met so 'n sagte kyk in sy oë. Hul hande het geraak, en 'n duisend-en-een rillings het in 'n oomblik deur sy lyf gegaan.....

Jannie was 'n briljante student - altyd eerste in die klas en uiteindelik die skool se Dux-leerling. Sy geheime vriend was akademies nie sterk nie, maar op die sportveld het hy vir niemand teruggestaan nie, en jaar na jaar is hy as die skool se Victor Ludorum aangewys. Hul vriendskap sou doodloop met Jannie se vertrek na Stellenbosch.

Dit was as eerstejaars dat Jannie en Willie mekaar in die koshuis ontmoet het. En ja, daar was onmiddellik iets spesiaals tussen hulle. Willie sou dit aanvanklik ontken, maar uiteindelik sou hy dit moes toegee : Hulle is meer as goeie vriende, hulle is selfs meer as siels-en-geesgenote - hulle voel fisiek tot mekaar aangetrokke!

Hierdie besef het hom laat wakkerlê, en ná die derde slapelose nag is hy en Jannie saam na die man by Studentevoorligting.

*Meneer, wat gaan hier aan? Hoe werk hierdie ding? Hoekom is en voel ons só?*

Die voorligter was 'n man met kennis van die probleem, en daarom ook 'n man met begrip en bewoëndheid :

- 'n kombinasie van aangebore, psigiese en sosiale faktore speel moontlik 'n rol by die oorsaak van homoseksualiteit

- 'n mens se seksuele oriëntasie word baie vroeg, soms selfs voor jou geboorte, vasgelê

- dit word in die meeste gevalle deur faktore buite die persoon se beheer bepaal

- soms gebeur dit dat die oorgang van die adolessente homoseksuele fase na die volwasse heteroseksuele fase nie plaasvind nie

- sommige sielkundiges is van oortuiging dat sielkundige faktore in die vroeë kinderjare, soos die afwesigheid of ondoeltreffende rol van die vader, vir hierdie gebrek aan oorgang na die volgende fase verantwoordelik is

- sommige navorsing dui daarop dat homoseksualiteit geneties van aard is, en ander wys op hormonale invloede tydens swangerskap, die ontwikkeling van die breinstruktuur, en die moontlike invloed van chromosomale variasies

- sosiale faktore wat oor die jare in aanmerking gekom het as moontlike oorsake van

*homoseksualiteit is onder andere dominante moeders, omgekeerde opvoedingspatrone (seuns word soos dogters grootgemaak en andersom), verleiding van kinders deur volwassenes, en die blootstelling aan die voorbeeld van homoseksuele persone*

- *skeptiese navorsers wys egter daarop dat sosiale faktore wel 'n rol speel om 'n oriëntasie, wat reeds vasgelê is, te bevestig en die ontplooiing daarvan verder te bevorder*<sup>5</sup>

Willie wou ook weet of hy van sy homoseksuele oriëntasie genees sou kon word. Die voorligter was skepties :

- *daar is geen eenvoudige oplossing nie, en van al die metodes wat al beproef is ter omvorming van die homoseksuele gerigtheid lyk dit asof die psigoterapeutiese werkswyse die beste prognose bied, hoewel die sukses nie oorweldigend is nie*<sup>6</sup>

- *as jy uitgaan van die veronderstelling dat homoseksualiteit 'n vorm van aangeleerde gedrag is wat berus op 'n keuse wat uitgeoefen word, sal jy kennis dra*

*dat met verloop van tyd met verskillende vorme van terapie geëksperimenteer is, byvoorbeeld vorme van kondisionering soos aversietherapie en hipnose, maar ook met hormoonbehandeling en breinoperasies*<sup>7</sup>

- *as jy met die veronderstelling werk dat homoseksualiteit waarskynlik nie aangeleerde gedrag is nie, en nie 'n keuse is wat 'n persoon uitgeoefen het nie, sal jy verstaan dat dit daarom dus ook nie afgeleer kan word deur 'n teenoorgestelde keuse uit te oefen nie*<sup>8</sup>

Albei het ná hierdie gesprek beter oor hulself gevoel. Maar nog nie beter oor hul gevoel vir mekaar nie. Oom Daan se onverwagse kuiertjie het dit ook niks makliker gemaak nie!

Sonder aankondiging het hy een aand by die koshuis opgedaag. Een van die studente, wat van sy tuisdorp kom, het hom gevra of hy weet dat sy nefie gay is. Daar en dan het hy sy Agendas en Handelingte geraadpleeg en by sy plaaslike dominee gaan kers opsteek, en nou het hy gekom om hierdie twee bogsnuikers die leviete voor te lees. Letterlik :

- *lees julle mannetjies dan nie julle Bybels nie?*

- *Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie :*

<sup>5</sup> AS 2004 Agenda (ii) p146 pt 4.6.2 (Sien ook AS 1986 Agenda p357 pt 2 waar veel meer krities na die oorsake vir afwykende seksuele gerigtheid gekyk word, maar tog toegegee word dat homoseksualiteit en die belemmering van die heteroseksuele ontwikkeling skynbaar saamgaan)

<sup>6</sup> AS 1986 Agenda p357 pt 2

<sup>7</sup> AS 2004 Agenda (ii) p146 pt 4.6.3.2

<sup>8</sup> AS 2004 Agenda (ii) p147 pt 4.6.3.3

*Dit is 'n afstootlike sonde sê Lev 18:22*

*- Twee mans wat wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood, lui Lev 20:13*

*- Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. Daarom gee God hulle oor aan skandelige drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar.. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit (Rom 1:25-27)*

*- 1Kor 6:9-10 klink só : Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie : geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen ..... sal deel kry aan die koninkryk van God nie*

*- 'n mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame mense bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, ..... ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders..... (1Tim 1:9-10)*

Lank nadat Oom Daan daar weg is het die twee jongmense nog na mekaar gesit en kyk. Woorde het hulle nie gehad nie. Dan is dit so : *God aanvaar ook nie hulle andersheid nie.....* Om dit sagkens te stel : Willie en Jannie , en so ook hul geloof, was verpletter! Tog was daar nog 'n vraag waarop hulle graag 'n antwoord sou wou hê :

*En Jesus? Wat sê die Man van Nasaret? Hoe sou Hy oor dit alles dink?*

Sondagoggend is hulle saam kerk toe met die uitsluitlike doel om by die jong studenteleraar uit te kom. Ná die erediens het hulle hom by sy motor ingewag :

*Ons het 'n probleem wat ons graag met jou wil bespreek!*

In sy studeerkamer het die jong dominee met groot aandag en begrip na hulle geluister. Dit was duidelik dat hy die kompleksiteit van die probleem goed begryp het. En ja, terug by die koshuis sou hulle weer vir mekaar sê dat dit opvallend was dat hy opreg in hulle belang gestel het. Sy woorde sou hulle bybly :

*Julle vra wat sou Jesus gesê en gedoen het?*

*- Hy self het die dubbele liefdesgebod , dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself, tot die beslissende norm vir die*

*beoordeling van tussenmenslike verhoudings verhef*

*- Terselfdertyd het Hy die definisie van die naaste, en daarmee die draagwydte van die liefdesgebod, uitgebrei om alle mense, sonder uitsondering, in te sluit*

*- In sy bedieningspatroon het Jesus Hom gerig op die randfigure, die gemarginaliseerdes in die gemeenskap van sy tyd. Met mense, soos melaatses, 'n vrou wat aan bloedvloeiing gely het, 'n blinde Bartimeus, egbekers, tollenaars en sondaars - almal mense wat volgens die strenge gereguleerde Joodse stelsel van rituele reinheid volle deelname aan die sosiale en godsdienstige lewe van die samelewing ontsê is - het Hy Hom vereenselwig, en so in botsing gekom met die Joodse establishment van sy tyd<sup>9</sup>*

Hulle het nog 'n brandende vraag gehad :

*Betekén dit dat Hy byvoorbeeld die egbrekers en tollenaars se sonde geignoreer het, of dat Hy nie gedink het dat dit sonde was wat hulle gedoen het nie?*

Hieroor was die jong dominee ook duidelik :

*- Nee, konsekwent het Jesus die sonde veroordeel. Gaan heen en sondig nie meer nie, was sy bekende woorde.*

*- Maar toegepas op julle probleem gaan die antwoord afhang van hoe 'n mens homoseksualiteit sien :*

*- - As jy iemand is wat onderskei tussen 'n persoon en die uitlewing van sy seksualiteit sou jy dalk wou sê dat die homoseksuele persoon in liefde aanvaar moet word, maar dat sy uitlewing van sy seksualiteit afgekeur moet word. Jy sal dan hierdie persoon aanmoedig om van sy seksualiteit af te sien en hulp te soek, om sodoende 'n heteroseksuele oriëntasie aan te leer*

*- - As jy egter iemand is met die oortuiging dat die seksuele oriëntasie van 'n individu - hetsy heteroseksueel of homoseksueel - só wesenlik deel van sy identiteit is dat dit net soos byvoorbeeld ras en geslag nie verander kan word nie, sal jy mos heel anders dink en redeneer oor die uitlewing van sy seksualiteit, en of dit sonde is<sup>10</sup>*

Dit was op hierdie punt dat Jannie en Willie na mekaar gekyk en asof uit een mond met die volgende vraag gekom het :

*Maar die bybel sê mos op baie bladsye dat die uitlewing van homoseksualiteit sonde is!*

Anderkant die lessenaar het die pastor vir 'n oomblikkie diep nagedink en effens meewarig geglimlag :

<sup>9</sup> AS 2004 Agenda (ii) p144ev pt 4.5.1.3-4

<sup>10</sup> AS 2004 Agenda (ii) p145 pt 4.5.1.4

Ja, die debat wat tans hieroor in die kerk gevoer word raak by tye hewig. Weet julle byvoorbeeld dat kerke oor hierdie saak ernstig van mekaar verskil? Dat 'n liggaam soos die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in 1988 oor presies hierdie saak geskeur het? Dat van die lidkerke beswaar gemaak het teen die feit dat die GES nie die lidmaatskap van die Gereformeerde Kerke in Nederland beëindig het, en toe hul goed gevat en geloop het? Laasgenoemde kerke het so vroeg as 1972 reeds 'n verslag as gespreksdokument aanvaar wat onder andere verklaar dat die saamleef in 'n liefdevolle en duursame verhouding ook vir die homoseksuele mens die aangewese weg is <sup>11</sup>

In die NG Kerk het die gesprek eers in 1986 op Algemene Sinodevlak op dreef gekom, en interessant genoeg, in 'n Diens van Barmhartigheidsverslag onder die hofie Siekesorg! Hierdie verslagskrywers was bekommerd dat die Pinkster-bewegings en Baptiste die gebrek aan NG Kerk-dienste aan homoseksueles sou uitbuit, en dat die kerk nie 'n verantwoorde beginseluitspraak, beleid en dienswerk onder hierdie mense het nie <sup>12</sup>

By hierdie vergadering is besluit dat homoseksualiteit in die lig van die Skrif 'n afwykende vorm van seksualiteit is, en dat homoseksuele praktyke en 'n homoseksuele verhouding afgewys moet word as in stryd met die wil van God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar. Die kerk se verantwoordelikheid teenoor die homoseksuele is om hom te begelei tot geloofsgroei in Jesus Christus en 'n lewe van gehoorsaamheid aan God, volgens die norme van sy Woord. Voorts mag die homoseksuele nie op grond van sy afwykende gerigtheid as sodanig die beleving van die gemeenskap van die heiliges, en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk van God, ontsê word nie <sup>13</sup>

Sestien jaar later, in 2002, spreek die Algemene Sinode die saak vir die eerste maal weer aan, en poog 'n verslag voor die vergadering om rigting te gee aan die onontbeerlike debat wat so pas by ons in alle erns begin het <sup>14</sup>

En weet julle wat? Die sinode sê toe dat in die lig van die voortgaande besinning oor die saak, asook in die lig van die ernstige meningsverskil wat daar oor die aangeleentheid in die kerk heers, hy homself nie sondermeer verder met die verslag van 1986 kan vereenselwig nie, en dat hy erken dat daar rede is om weer oor die kerk se standpunt oor homoseksualiteit te besin. Daarom word dit aan 'n kommissie opgedra om grondig en

omvattend studie oor die aangeleentheid te doen vir verslag aan die sinode van 2004 <sup>15</sup>

Dit was asof Jannie en Willie kon aanvoel dat die jong dominee nie sonder rede hierdie lang historiese oorsig oor die verloop van die debat in die kerk gee nie. Hulle het albei 'n slag versit in afwagting van dit wat sou kom :

*En toe kom die sinodevergadering van 2004, het hy gesê. En was dit nie 'n wonderlike vergadering nie! Ekself was ook daar, en dit was meer as 'n vergadering - dit was 'n geestelike happening!*

*Maar kom ons keer terug na ons onderwerp. Baie duidelikheid die kommissie, na wie die opdrag tydens die vorige vergadering gekom het, dit uitgewys dat die bybeltekste, wat tradisioneel aangevoer is om homoseksualiteit as sonde uit te wys, ook anders verklaar kan word. Ja, julle het reg gehoor : Daar is goeie (en gelowige!) skrifverklaarders wat op grond van hul studie en navorsing byvoorbeeld uitwys dat Lev 18:22 en 20:13 nie oor homoseksualiteit as sodanig handel nie, en dat Rom 1:26-27 baie moontlik homoseksuele wangedrag aanspreek. Ook in 1Kor 6:9 en 1Tim 1:10 mag dit dalk net gaan oor mans of seuns wat hulself seksueel laat misbruik, onder andere as manlike prostitute, of dat die teks bloot seksuele losbandigheid aanspreek <sup>16</sup>*

Jannie-hulle was stomgeslaan. Dit was Willie wat eerste sy asem teruggekry het:

*Betekén dit dat die kerk nou sê dat ons nie sondaars is nie?*

Die glimlaggie was terug om die dominee se mondhoëke :

*Ons is mos maar almal sondaars! En dit is ook wat die sinode toe gesê het : Dat ons sonder vooroordeel, en bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate oproep en begelei om in waarheid en deernis voor God met mekaar om te gaan <sup>17</sup> En dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde, en dat hulle op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Die kerk wil alle mense se getuienis oor hulle geloof en toewyding, sowel as oor hulle seksuele oriëntasie, ernstig opneem en hulle integriteit aanvaar <sup>18</sup>*

*En intussen onderneem die kerk om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit, met die oog daarop om die kerk en sy lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien <sup>19</sup>*

Jannie is die denker van die twee :

<sup>11</sup> AS 1986 Agenda p356 pt 1.4, AS 1990 Agenda p79ev

<sup>12</sup> AS 1986 Agenda p344 pt 30.5-30.5.1

<sup>13</sup> AS 1986 Handeling p672 pt 30.5.3.1-4

<sup>14</sup> AS 2002 Agenda p246 pt 14.1.3

<sup>15</sup> AS 2002 Handeling p624 pt 12.11.1, 12.11.5

<sup>16</sup> AS 2004 Agenda (ii) p141- 143

<sup>17</sup> AS 2004 Handeling p433 pt 3.2

<sup>18</sup> AS 2004 Handeling p433 pt 3.7

<sup>19</sup> AS 2004 Handeling p433 pt 3.4

*Maar sit die kerk nie nou eintik 'n bietjie op die draad nie? Is hy nie as't ware nou sonder 'n standpunt nie?*

Die dominee het heel seker van sy saak geklink :

*Nee, glad nie! Die standpunt van die kerk is tans dat die saak so kompleks is dat hy nie met sekerheid kan sê wat God se wil vir ons op die oomblik hierin is nie. Julle sien : As kerk en as gelowiges leef ons so half tussen die wet en die evangelie, tussen die **alreeds** van die nuwe en die **nog steeds** van die oue. Enersyds bedreig die gevaar ons dat ons **wetteloos** sal lewe omdat Jesus se dood alreeds die einde van die wet was, maar andersyds bestaan die gevaar dat ons **wetties** sal lewe omdat ons steeds vas is aan die oue. En om aan beide hierdie gevare te ontkom is dit nodig om soepel van siel te wees, en dit kan alleen die Gees van God ons gee!<sup>20</sup> As't ware staan die kerk op die oomblik bakhand voor die Here en sy Gees, in afwagting op dit wat Hy vir hom wil sê. En dit is verseker **óók** 'n standpunt. Om die waarheid te sê : ek dink dit is die beste standpunt wat daar is!*

Dit was twee nuwe jongmanne wat koshuis toe gestap het - klein voor die Here in hul sondigheid, maar groot in hul dankbaarheid voor hul genadige God.

*Weet jy wat, Jannie? Daai dominee sien tog iets van Jesus Christus in ons!*

*Ja, ek dink hy sien ons as sy broers!*

Dieselfde aand nog het Willie sy Oom Daan gebel :

*Hi Oom Daan! Alles is OK, Oom! Ek is lief vir Oom! Groete vir die Tannie!*

Hansie Schutte

Julie 2005

---

<sup>20</sup> Lees meer hieroor in AS 2002 Agenda p249 pte 14.4.1-4



## BYLAAG H4

### VERSLAG: INHOUD VAN KLEINGROEPGESPREKKE OOR HOMOSEKSUALITEIT (OPEN SPACE TECHNOLOGY)

#### 1. IS HOMOSEKSUALITEIT SONDE IN DIE LIG VAN DIE SKRIF?

1. Op grond waarvan is daar 'n nuwe interpretasie van die Skrifgegewens?
2. Genesis 1 en 2: Huweliksvoortplanting Moenie uit Levitikus wette selekteer nie. Net Paulus skryf in die Nuwe Testament oor homoseksualiteit.
3. Levitikus 18 praat oor 'n verskeidenheid seksuele verhoudings.
4. Aanvaar ons die Bybel se outoriteit.
5. Die vraag na homoseksualiteit is 'n vraag na die Skrif (Woord van God) en die gesag daarvan.
6. Ons mag nie homoseksualiteit uitsonder nie. Dit is nie erger as ander sondes nie.
7. Verhouding van verlossing en verandering.
8. Wat is die **sonde** waarvan die Bybel praat?
9. As ons nie onderskeid van sondes wil maak nie. Wat van die tug? Wat van ampte?
10. God haat sonde soveel dat Hy sy Seun gestuur het om te versoen.
11. In die laaste dae sal Woord verkondig word. **Ons water die Skrif af.**  
N.G. Kerk is bang vir populêre mening. Wat sal die mense sê?
- N.G. Kerk se geskiedenis is om na te praat.
12. God skape met 'n natuurlike orde.
13. Die individu moet sonde (alle sonde) in sy lewe raaksien (die Heilige Gees oortuig) en daarmee handel.
14. Oppas om die Bybel te herskryf. Homoseksualiteit is sonde. Hanteer dit as sodanig.
15. Die Nuwe Testament praat van huwelik tussen 'n man en 'n vrou. Tog is navorsing nodig.
16. Dit sal 'n kwade dag wees as die kerk toegee aan druk.
17. Ons wil die Bybel aanpas by die mens in plaas van andersom.

#### 2. HOE OM HOMOSEKSUELE MENSE TE GENEES (VERANDER VAN ORIËNTASIE)

- 2.1 Fokus op wat kan die kerk doen vir Rehabilitasie:
- A. Vir Rehabilitasie van praktyk (Oriëntasie???)  
Want ons behou sonde-oriëntasie tog ...)

- B. Pro-Aktief! Nie wegsteek.
- C. Gee weer Hoop (Dobson-getuienis)  
Stel programme in werking:
- Vir vroeë opsporing en behandeling
  - Waak teen "Converting to" hetero... (Party is dalk nie bedoel vir die huwelik [Hetero...] nie)
- Paulus – wat is die sondige natuur wat die H.G. kom verander

#### 3. DIE HUWELIK

- Hoe word huwelik vandag steeds geheilig – 1 Kor. 7?
- Definisie van huwelik
- Wat van saambly
- Huwelike met meer as een persoon
- Buite-egtelike verhoudings
- Seksualiteit – Moet dit 'n vereiste wees vir die huwelik.

#### 4. SKRIFVERSTAAN EN SKRIFGESAG

- Opstand / Rebelle teen Absolute / Relatiewe waardes
- Is Bybel normatief – in alles?
- Skrif ondergeskik – Navorsing?
- Skrif Woord van God / Woorde van/oor God
- Moreel – Etiese debat
- Rom. 3:23 ALMAL HET GESONDIG
- Hermeneuties Riglyne t.o.v. hantering van homoseksuele
- Emosionele neig Skrif te oorheers
- Ongesonde debat.

#### 5. 'N PASTORALE BENADERING / VERSORGING VAN HOMOSEK- SUELES

1. Genetiese invloede.
2. Sosiale invloede.
3. Moenie homoseksualiteit stigmatiseer.
4. Hanteer hulle as mense met behoefte aan liefde en kontak.
5. Dit is nie ons taak om hulle te veroordeel of van sonde te oortuig; ons moet hulle in liefde benader en aanvaar.

6. Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding is die enigste wyse waarop mense na vore sal kom met hul probleme of stryd.

7. Daar word nie na Gays geluister nie; Die kerk moet luister. Ons moet luister sodat ons kan hoor wat hulle wil hê, sodat hulle bedien kan word.

8. Erken dat ons Kerk nie volmaak is nie.

9. Die Kerk moet pastoraal begelei word oor hoe om onder andere homoseksuele persone te aanvaar en lief te hê.

10. Moenie standpunt inneem nie.

11. As ons homoseksuele mense verdoem lei dit tot 'n lewe van eensaamheid.

12. Koerantberigte wat onjuis is, saai verwarring.

13. Kerk bedien volgens hul behoefte.

14. Solank as wat gesprek klink soos nou, sal mense nie veilig voel by ons en vra vir ondersteuning nie.

15. Ons moet nie oor Gays praat nie maar met hulle.

### 6. HOMOSEKSUALITEIT IS 'N SONDE WAT TEEN DIE NATUUR INDRUIS

Geen samespreking plaasgevind.

Die sameroeper skryf: Hierdeur aanvaar ek dat dit die gevoel en mening van die vergadering is dat die gedagte nie debatteerbaar is nie – en dit so aanvaar en glo dit is soos dit is.

**Homoseksualiteit druis teen die natuurlike Goddelike wette in.**

### 7. GAY PERSONE IN KERKLIKE AMPTE

1. Kyk na die persoon en nie na die daad.

2. Gays nie vir kerkraad nie – leef in sonde.

3. Om gay te wees staan nie in die pad van heiligmaking nie.

4. Ander sondaars se sondes word weggesteek – Gays s'n nie.

5. Gays kan diens lewer in ampte.

6. Kies nie homself nie.

7. Gays se lewenswyse kan die koninkryk skade doen.

8. Gays moet reg hanteer word.

9. Neiging by skoolmeisies en seuns om gays/lesbies te wees - Bekommernis!

10. Gay gebore – of nie.

11. Om gay te wees is sonde.

12. Hoe gaan die kerk dit hanteer?

13. Gaum-geval: Kan 'n verleentheid wees vir die kerk.

14. Gay-wees gaan ook oor kameraadskap.

15. Daar is gemeenskappe wat Gay wees nie as abnormaal beskou nie.

### 8. MOET DIE KERK 'N ONDUBBEL-SINNIGE STANDPUNT INNEEM

1. Ja ons moet 'n ondubbelsinnige antwoord hê.

2. Het die manier waarop ons die Bybel lees verander?

3. Elkeen lees die Bybel met sy eie bril.

4. Het 'n antwoord nodig, maar ons het tyd nodig om seker te wees oor die Grieks en Hebreeus.

5. Wat het dan verander?

6. Raak ons "Peoples Pleasers"?

7. Jesus het nêrens hieroor gepraat nie.

### 9. JOU EIE KIND OF VRIENDE SE KIND IS HOMOSEKSUEEL – HOE HANTEER JY DIE PYN OF ONTWIKKEL JY MEER DEERNIS?

1. Aanvaar die feitlikheid van die situasie.

2. Pyn word vererger deur ander se optrede en liefdeloosheid.

3. Waar ouers aandadig is, is daar dikwels ontkenning.

4. 'n Bietjie skanse - enige pyn maak van ons meer deernisvolle mense.

5. As gelowiges moet ons ook aan homoseksueles die hoop gee dat hul leefstyl moontlik kan verander.

6. Dra mekaar se laste.

7. Fasiliteer hulp (sielkundige ens.)

### 10. OORSAKE VAN HOMOSEKSUALITEIT (WAAR KOM DIT VANDAAN)

1. Het die mediese wetenskap dit al bewys as 'n voorgeboorte probleem?

2. Molestering.

3. Vormingsjare.

## BYLAAG H5

### TERUGVOER VAN GESPREKKE DEUR RINGE

#### 1. RING VAN ALBANIE

##### 1.1 Verhale van projekte wat hoop gee

**1.1.1** Hulp aan klein plattelandse gemeentes d.m.v. samewerking – bv. Grahamstad en Riebeeck-Oos. Twee leraars nà samespreking. Mooi! Gerhard se bereidwilligheid om bv. In Alicedale te gaan help, oor kleurgrens.

**1.1.2** Inligting van Alicedale by Paterson – nagmaal gehou, VGK lidmate deelgeneem en eerste keer dat iemand “van kleur” aan tafel gesit het. Gemaklikheid was aanvoelbaar. Warm, spontaan.

**1.1.3** Ringsprojek: Op grondvlak is daar kosbare kontak en mense is betrek (bv. Uitreik na Lusikisiki) Hulle doen dit reg. Daar is projekte, gesamentlike dienste, dis God se genade. As ons hande vat, kan ons dinge maak werk.

##### 1.2 Prioriteite:

Huidige projek moet afgehandel word (BUVTON)

- Terugvoer; Uitdagings. Probleem van volhoubaarheid.
- Hoe voer ‘n mens goed deur?
- Het ontdek dat koninkryk bevorder moet word, nie net kerk in stand hou.
- Kontinuiteit in leierskap is nodig, regte vrae kom na die oppervlak. Wye deelname.
- Ons ervaar dat die projek ons bemagtig en aanmoedig.
- Klein gemeentes kan die Here vra vir pad / rigting in eie situasie – om jou te help om uit “oorlewingsmode” te kom.
- Aandag aan plattelandse gemeentes – bv. Pearston waar momentum gehou / gegeneer word – kranslegging.
- Behoefte: Sinvolle afsluiting van hierdie Ringsprojek tydens Ringsitting. (Om die doel te bereik, nl. Gemeentes te bemagtig, roeping te ontdek)

##### 1.3 Projekte waaroor ons droom:

- Afsluit van huidige projek.
- Droom van Ringsfasiliteerder op Grahamstad (Nico)
- Dokument wat verwoord (soos belydenis) te sê, belydenisskrif groter as Belhar – iets wat “current” is. Eietydse belydenis, Afrika gebaseer – hier gebeur nou goed wat ons moet bely - inklusief.
- Droom om sonder “issues”aan te beweeg (bv.

Belhar)

- Konkrete situasie wil ons aanspreek. Ons wil lidmate se vrae hoor en antwoord. Hanteer.
- NB: Konkreet inhoud gee aan roeping – projekte wat regtig ‘n verskil maak.
- Seisoen van Luister.
- Predikante moet saamkom. Byeenkoms – nie probleme bespreek nie, net gevoed raak.
- Kerkraadslede moet verantwoordelikheid neem om predikante te versorg: Beskikbare lede van kerkrade kan vir ‘n periode van 14 dae elk aangewys word om die pastoriepaar en gesin by te staan met bv. Huisbesoek, sosiale besoeke, ‘n ete, uitstappie, oop gesprekke, ‘n bederf naweek of enige ander manier om hulle by te staan en te laat ontspan. Hulle het dit nodig.

#### 2. RING VAN ALGOA

##### 2.1 Verhale van projekte wat hoop gee

- Die verf van geboue by P.E. Noord.
- Predikante Byeenkoms in Bloemfontein.
- Kleingroep Konferensie by Little Falls.
- Wonderlik dat ons geld kan hê en projekte kan beplan.

##### 2.2 Prioriteite nou

- Ring en leraars kan subsidieer om Verantwoordelike Vernuwings Konferensie by te woon.
- Kategese materiaal vir die Ring evalueer en daarstel.
- Seisoen van luister.
- Predikante versorging – Retrait.
- Opleiding en bemagtiging van Leier en Kerkraad.
- Bevordering van Kleingroepe en “40 Days”.
- Uitreik na Gemeenskapsnood.

##### 2.3 Projekte waaroor ons droom

- Retraite “Egipte” vir predikante.
- “40 Days” – Doelgerigte lewe – Groepe en bou in kennis en gebruik van WOORD.

#### 3. RING VAN CRADOCK

##### 3.1 Verhale van projekte wat hoop gee:

###### 3.1.1 Mosambiek Uitreik:

Was ‘n wonderlike belewenis. Jongmense in Mosambiek is nou besig om leiers te word en ‘n nuwe verhouding het ontstaan oor die afgelope 7 jaar. Mense sien uit daarna dat die span hulle moet besoek. Toerusting word aan ouderlinge

gegee asook materiaal sodat hulle selfstandig kan voortgaan met die werk. Mooi groei word in die dorpies alreeds gesien. Dit is dus 'n langtermyn projek. Die werk het al so mooi gegroei dat daar nou al plus minus 800 Christene in die stadjies is. Dorpies wat eers baie vyandig was, is nou heeltemal oop vir besoekers en evangelisasiewerk.

### 3.1.2 Ringsjeugkamp:

Doel was om ons ring se jongmense bymekaar uit te bring. Die positiewe was hoe jongmense op die kamp verander en gegroei het. Ongeveer 50 mense het die kamp bygewoon wat op die ou einde almal uit Cradock gekom het. Die res van die ringgemeentes kon nie die kamp bywoon nie omdat datum te laat vasgestel is. Kamp het baie hoop gegee aan ons jongmense.

### 3.1.3 Noupoot:

Gelde is aangewend om reiskoste vir die leraar op Noupoot te betaal. Sy is die enigste geordende leraar. Dit het vir haar en die gemeente nuwe hoop gegee.

### 3.1.4 Konvent:

Het nog nie plaasgevind nie.

### 3.1.5 Predikante konferensie:

Noupoot se predikant is geborg en die ander gemeentes is gehelp sodat al die Ring se predikante die konferensie kan bywoon.

### 3.2 Prioriteite nou:

Familie projek is nou 'n prioriteit. Op 'n naweek-kamp word twee families per gemeente opgelei in familiegewoontes sodat hulle weer in hulle gemeentes dit kan terugploeg. Kindermobiliseringswerkswinkel word ook dan aangebied. Datum: 16 – 18 September.

### 3.3 Projekte waarom ons droom:

3.3.1 Familiekamp oor familiegewoontes.

3.3.2 Mosambiek-uitreik – Meer mense uit die Ring betrokke raak. Ten minste een persoon uit elke gemeente.

3.3.3 Predikante versorging gee in retrait.

3.3.4 Matrieks na skoolverlaterskamp.

## 4. RING VAN GRAAFF REINET

### 4.1 Verhale van projekte wat hoop gee

- Gesamentlike Ringsitting met NGK en VGK van Graaff-Reinet.
- Ons het nie oor die vraagstukke van kerkhereniging gepraat nie. (Soos byvoorbeeld Belhar)

- Ons kon uitreik na mekaar.
- Ons kon die nood van die VGK hoor.
- Daar was 'n versoek van hulp en samewerking om te kan kerk-wees op die grondvlak. Hulle het net een predikant in 13 gemeentes.
- VGK afvaardiging was meestal mense wat opgeoffer het om daar te wees.
- Kontak tussen gemeentes binne samewerkingskringe.
- Die saamkuier en gespreksvoering was baie positief – gemeentes kon iets van mekaar hoor en ervaar. Dit is 'n omgee en 'n leergeleentheid.
- Willowmore – gesamentlike sopkombuis wat ook deur van die ander kerke in Willowmore ondersteun word.
- Rietbron – 'n Jeuggroep wat werklik bymekaar kom.
- Strategiese beplanning in Augustus saam met ds Johan van Niekerk in Aberdeen.

### 4.2 Prioriteite nou

- Opvolg van gesamentlike Ringsitting met VGK.
- Bepaal 'n datum saam met VGK vir 'n volgende byeenkoms vroeg in volgende jaar.
- Herinner gemeentes aan die besluit om geleentehede te hou om die VGK gemeente te leer ken.
- Die gemeente moet die visitasie-kuier by die NG Kerk gemeentes afhandel voor die Ringsitting.

### 4.3 Waaroor droom ons

- Verdere kontak met en hulp aan die VGK-Ring van Graaff-Reinet.
- Fietstoer vir Bybelverspreiding vanuit die NG Kerk Aberdeen wat mense uit die hele Ring wil betrek.
- Aberdeen betrek VGK lidmate by Getuieniskommissie.
- Ons dink aan moontlikhede om weer hoop te bring vir die moedlose en hooplose mense wat geen toekomsverwagtinge het nie – veral in die bruin gemeenskappe – Gaan kyk of daar iewers reeds sulke projekte bestaan.
- Predikante retraite.
- Toerusting van leiers in die breë kerkgemeenskap.

## 5. RING VAN HUMANSDORP

### 5.1 Verhale van projekte wat hoop gee

#### 5.1.1 Ervaringsleer

- Beplanning reeds gedoen.
- Baan sal eersdaags voltooi wees.
- Fondse goedgekeur.

#### 5.1.2 Ringsgesinskamp

Tussen 13 en 15 gesinne gaan.

### 5.1.3 Mannekamp

### 5.1.4 Vrouekamp

12-14 Augustus.

### 5.1.5 Predikante versorging

- Pierre Goossen – sielkundige.
- Predikante tuis besoek.
- Retraites vir predikante.
- Versorging vir predikantsvroue.

### 5.2 Armoede - versorging

- Mense na die Here lei.
- Gemeentes werk saam aan projekte.

### 5.3 Projekte waarom ons droom

- Breër kyk as VGK “behoefes” > met Evangelie.
- Gamtoos Plaasbediening
- Jeugbediening : Eersterivier
- CMR-Projekte
- Predikante versorging
- Kinderkliniek/Jeugkliniek/Senior Kliniek
- EE111

## 6. RING VAN OOS-LONDEN

### 6.1 Verhale van projekte wat hoop gee:

Armoedeverligting en werkverskaffing tussen gemeentes van die N.G. Kerk en die VGK d.m.v. Hoenderboerdery en Tuinbouprojekte.

### 6.2 Prioriteite nou:

Predikante versorging d.m.v. wegbreek retraits met fasiliteerders en / of Ou Testamentikus of Nuwe Testamentikus.

### 6.3 Projekte waarom ons droom:

- Wegbreekkampe vir Matrieks van Oos Londen en omgewing gebaseer op ervaringsleer.
- Seisoen van Luister – toerustingsgeleentheid vir kerkraadslede, lidmate en ander kerke t.o.v. Skrifgesag, Skrifhantering en verhouding van Skrif en konteks.

## 7. RING VAN P.E. WES

### 7.1 Verhale van projekte wat hoop gee

- Sendingkonferensie – goeie terugvoer/beweeg oorgrense.
- Ringsjeugkamp – saam met Malabar Calvery.
- Uitreike Sydenham – goeie samewerking

### 7.2 PRIORITEITE NOU

- Gestuurde gemeente inskakel.
- Predikante retraites.

- Jeugkamp.
- Uitreik na skole/Keiga (Vanstadensrivier).
- Straatkinders.
- Bediening in Koega.
- Mfesane.
- Kanselruilings.
- Verspreiding Xhosa literatuur.
- Gebedsdiens.

### 7.3 Projekte waarom ons droom

- Interaksie > Groter impak.
- Saamwerk > Groter impak.

## 8. RING VAN SONDAGSRIVIER

### 8.1 Verhale van projekte wat hoop gee

- Kampterrein se avontuurbediening (A2MR): Toerusting is aangekoop. Word goed gebruik, ook deur ander kerke en organisasies.
- Matriekwegbreek: Baie goeie alternatief vir “orgies” waarby matrieks dikwels betrokke is.
- St. 5-kamp: elke jaar plus minus 30 kinders. Avontuur word as middel gebruik om hulle toe te rus vir die volgende skoolfase.
- Elke huis vir Christus: Elke huis word besoek, ‘n geestelike gesprek word gevoer. Mense maak geredelik “oop”.
- Jesusfilm uitreike: fokus op swart en bruin mense. Gaan later vanjaar Botswana toe. Dit beteken veral baie vir diegene wat hieraan deelneem.
- CMR – straatkinderprojek: Dit is aan die gang.

### 8.2 Prioriteite nou

- Gesinsbediening
- Cala (?)
- Plaaslike VGK

### 8.3 PROJEKTE WAAROM ONS DROOM

- Groentetonnelprojek: Ook ‘n geleentheid vir geestelike bediening.
- Gesinsbediening
- Aanddienste

## BYLAAG H6

### AFSLUITINGSEREMONIE : “MY GEBED VIR DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND”

Here, ons begin op nuwe paaie loop. Ons is huiwerig om te waag. U as ons Vader loop egter voor – daarom waag ons en ons loop in U Naam en U beskerming. Altyd!

Ek bid dat ek opnuut die wil van God sal ontdek en verstaan om 'n weg te baan vir hulle daar ver van Hom wie ons almal lief het en weer sal kom om ons te kom haal vir sy hemelsaal.

My gebed is dat ons Hemelse Vader wat vir ons voorspoed en met teenspoed wil gee, ('n toekoms met 'n verwagting) ons deur moeilike tye sal dra en vir Sy kerk sal voorsien in die toekoms. Hy is getrou. Ons ken nie die toekoms nie maar ons ken Hom wat ons toekoms in Sy hande hou.

My gebed vir almal betrokke by die Sinode: Here, vergewe ons, ons weet nie altyd wat ons doen nie. Behoed en bewaar ons, altyd wil ons U dien. Amen

Ek droom van 'n KERK wat die begrip kerk sal vergestalt in en deur mense se lewens.

Om myself volledig te gee weer eens vir die uitbreiding van Gods koninkryk in gemeente, Ring en Sinode van Oos Kaap.

Ek droom dat die kerk veral in die Oos Kaap aan die Woord en evangelie sal kan vashou en tegelyk kreatief kan leef en aanpas by die tyd. Dit is ook my gebed.

My droom en gebed is dat hierdie vergadering van gelowiges, hier sal uitgaan en in hulle gemeentes, ringe en Sinode, **waarlik** God se wil sal soek in wat ons te doen staan rondom kwelvrae – en **waarlik** God sal vertrou vir antwoorde. Ek droom en bid, dat die kerk van God Jesus alleen en nie die eie ek nie, sal vertrou want dit gaan nie oor my nie maar alleen oor HOM.

Die kerk hoef nie irrelevant te wees nie!

Om “dra mekaar se laste” (Gal 6:2) 'n werklikheid te maak. Heel eerste die medegelowiges – maar – tot aan die eindes van die aarde. 'n Plan te kry waar my gemeente eers met (1) ander gemeente kan help om te bly voortbestaan. Droom dat die (1) later (2) en (3) en meer sal word.

Ja, wragtig Heer: Ons as kerk is tog nie so magtig as wat ons gedink het nie. Dankie vir u troos en dat U oor ons huil. Gee ons genade om te fokus op U wil vir U kerk sodat ons U magtigheid sal aanskou.

Dat daar by die volgende Sinodesitting 'n vir God en ons 'n aanvaarbare standpunt t.o.v homoseksualiteit geneem sal wees gebaseer op die

liefdesgebod en dat kerkhereniging se Belhar-bagasie finaal afgegooi sal word en die belydenis aanvaar word.

Dat die Here deur die rykdom van Sy genade, nie net ons kerk in stand sal hou nie, maar sal laat groei en bloei tot eer van sy naam. Dat Sy liefde vir ons ons sal aansteek om mekaar so lief te hê dat ons kerkeenheid nie meer as 'n probleem te sien nie.

God het aan my herbevestig dat ons kan kommunikeer selfs al sou ons heftig verskil en dan hande vat en vorentoe kan gaan ter uitbreiding van die Koninkryk van HOM.

Ek wil weer passievol wees oor God en sy kerk / werk.

Dat ons opreg – eerlik één sal wees in die Here Jesus met mekaar en die wêreld.

God Drie-enig: Gee vir my wat U van my vra, sodat ek in afhanklike gehoorsaamheid my roeping kan vervul.

Here, ek wil vra dat dit nie net by praat sal bly nie maar dat ons waarlik ons praat in dade sal omsit. As ons sê ons is barmhartig hoe kan ons met R17 miljoen in die bank sit terwyl ons kerk en gemeenskappe ten gronde sien gaan. Here bring ons terug na die kruis van Jesus sodat ons U wil kan sien en doen vir ons mense en ons kerk.

Dat ek dalk tog nog vir 'n spesifieke taak is waar ek is. Mag God my genadig wees.

Baie dankie Here my God dat u my weer laat besef het U is GOD. Ek glo u gaan my krag gee deur hierdie moeilike dae. Ek het my vrou baie lief wat U kom neem het.

God laat my droom van mooi, goeie en vooruitstrewende toekoms vir die NG Kerk in Suid Afrika en veral in die Oos Kaap.

Heer ons sien dat ons as NG Kerk deur U genade en krag met alle nasies wil herenig. Vernuwe ons denke om U wil te doen in die Wêreld as liggaam van Christus.

My gebed is dat God werklik ons land sal seën. En dat ons as gelowiges biddend sal bly en God altyd eerste in ons lewe sal plaas.

Here, dankie dat ons ten spyte van ons verskeidenheid en uiteenlopendheid ons eenheid en identiteit in U en U Woord kan vind. Here U bepaal ons toekoms – mag ons U in gehoorsaamheid volg selfs al beteken dit dat u ook vir ons soos Jakob (die bedrieër) 'n nuwe naam moet gee om

ons van ons verlede te bevry en vir ons 'n nuwe toekoms te gee.

My gebed is dat ek elke dag bewus sal wees van die Here se teenwoordigheid en groot liefde vir elke mens wat my pad kruis.

God laat my droom van die plaaslike gemeente as 'n "healing community" vir alle mense van die gemeenskap.

Ek droom dat waar besluite geneem is en kwesies rondom kerkhereniging en homoseksuele bespreek is in die toekoms gerealiseer sal kan word.

Dankie Heer vir alles wat hier bespreek en beplan was. Dankie Heer vir al die pragtige samehorigheid, liefde en vriendelikheid van ons mede-Christene. Dankie Heer vir vriendskapsbande wat gebind is. Maar bo alles dank ons U ons Grote Koning vir U liefde vir ons en dat alles wat besluit was tot U Koninkryk sal wees.

Dankie, dankie liewe Heer vir U Grootheid en goedheid. Dankie dat daar 'n Sinode is wat werklik omgee en wat almal wil huisves in U Groot Huis. Wil dan ook gee dat ons so sal uitgaan en mekaar bemoedig ten spyte van ons verskille. Bewaar ons daarvan om oorhaastig dinge te sê, te doen en op te tree wat U saak sal skend. In U hande stel ek my en ons almal.

My droom is dat die Here my sal help deur my liefde te laat toeneem sodat ek in staat sal wees om werklik te kan onderskei wat reg is. Dat ek 'n fyn aanvoeling sal hê vir almal en almal sal aanvoer en vertrou.

My gebed is persoonlik – dat die gemeente <naam van gemeente> se harte sal verander na liefde in Christus, vergiffenis om vir <naam> weer 'n kans te gee. Hy en sy gesin het 'n moeilike pad geloop – nie tevergeefs – maar hulle het ongelooflik gegroei en al wat hy begeer is om in die NG Kerk sy Here te dien.

Ek droom oor 'n omgee-kerk waarvan die oues en die jonges, die sagtes en die hardes, die eenvoudiges en die blinkes, saam ontdek het: "Ons het 'n taak, 'n roeping, 'n geleentheid – om 'n verskil te maak waar ons woon en werk en speel."

Om 'n draer van hoop en 'n instrument van God se heelmakende krag te mag wees – en so die mense van hierdie omgewing en land te dien.

Dat al sou die toekoms van my kerk soos 'n gestrande skip lyk, ons vanuit ons stranding die skat was ons dra nl. God se liefde, dan op land verder sal bly dra!

God roep ons steeds en opnuut om HOM te verteenwoordig deur: gesindhede, woorde en dade van LIEFDE, omgee en diensbereidheid en dit teenoor almal om ons en op ons pad.

Om saam met ander gelowiges 'n verskil te gaan

maak in 'n gemeente, omgewing, woonplek, mensdom en ligdraers van sy Woord, Sy alomvattende liefde te wees. God is Koning – Hy voer Heerskappy.

My droom is dat die baie drome name, gesigte, klere en verf sal kry. Ophou praat en dat elkeen sal DOEN wat al sooo laaank gepraat word.

Dat die NG Kerk as Verenigde Kerk in RSA die toon sal aangee in die kwessies van die dag gelei deur Woord en Gees.

Dis my gebed dat die Sinode positief sal bly en God altyd sal toevertrou met alle besluite en werksaamhede. Alles tot eer en verheerliking van God alleen.

Voor God is ons klein en nietig maar met ons doen Hy dinge wat niemand kan vernietig. Gebruik ons Here tot U eer, maak ons lief vir U Here. En asb. laat ons leer dat alles, alles gaan oor U Here.

Opnuut bevestig God is groot en almagtig. Aan Sy liefde en genade is daar geen einde nie. Ons moet net glo en aan Sy Woord gehoorsaam wees en gewillig wees om Hom te dien.

Ek het bewus geword van hartseer, omgee, versorging vir geestelike leiers en oumense, vasgevang in die verlede ... My gebed sal 'n verskil maak, my positiewe kommunikasie sal 'n verskil maak. My liefdevolle aanraking sal 'n verskil maak, met verlange om soos Jesus te wees is my droom vir ons almal vandag!

Met my hele hart Here ..... U wil, asb Here .... U wil t.o.v. U woord se verstaan en uitlê, gemeentes van U in nood, die wêreld in nood. My U verheerlik word, U alleen!, Mag U gehoorsaam word, U alleen! Mag U Koninkryk kom. Asseblief Here!!

Here, sal U ons sinode een maak? Maak ons ook een met u dissipels in die kerke om ons. En Here, ons sukkel om een te word met die mense van die VGK. Breek al ons vooroordele af, maak ons een! En nou bid ek ook dat u ons sal help om Christene met 'n homoseksuele oriëntasie volledig en onbevooroordeeld te aanvaar. En maak my getrou aan U! Willie de Koker

Sal U, o God elke predikant, proponent en afgevaardigde help om voor U aangesig te leef – en as U kerk sal groei tot geestelike volwassenheid en so geloofwaardige getuies van U evangelie in hierdie wêreld te wees. Help ons om EEN te wees. Amen

Heer, ek bid dat ons nog meer in U teenwoordigheid sal verkeer. Dat iets van wat ons hier beleef het en wat ons graag sou wou leef, dat ons mense en die wêreld dit sal sien en hoor en saam met ons begerig sal word om voor U te leef!

My droom is dat alle kerke sal verenig en dat daar geen twis of bakleiery sal wees nie. Dat ons sal hande vat en saam vir God sal aanbid en dien.

God het kom hoop gee binne die chaos van ons verwarde poging om Hom, ons roeping en ons medemens se waarde beter te begryp! Verheerlik MY, sê God.

Ek wil God beter leer ken en Hom al hoe helderder sien. Ek droom van Sy liefde wat mens wen en 'n kerk wat met groter toewyding dien. 'n Liggaam wat uitreik en omgee sodat die wêreld God beter kan leer ken en helder sien.

Ek droom van 'n reënboogland met een Herenigde NG Kerk – samewerking met alle ander kerke – en die seëviering van Christus as Heerser in SA.

Heer, my gebed is dat die NGK steeds 'n slawekerk sal wees, laag aan U voete en met oorgegewe diensbaarheid in U koninkryk sal dien na die voorbeeld van uself as Koning van die kerk.

Droom en gebed : net God kan dat God in sy groot genade ons elkeen aan 'n einde van onself sal bring om desperaat, afhanklik, gebroke te besef dat herlewing die enigste antwoord is en dit te soek met ons hele hart.

Dat ons kerkleiers se geloof en liefde vir God, die wêreld sal beweeg om Hom te dien.

Jesus sê: Ek is die goeie herder ... my skrywe kan my steun en luister. Ja, bly Coram Deo – voor die aangesig van die Lewende God.

Lei Heer, Bemoedig Heer. Ons sien U al meer. Versterk God, Sterke God. U bepaal ons lot. Genees Gees. Laat leef Gees. U laat ons heilig wees! Amen

Dat ons werklik een sal wees dat ons daar volgens sal lewe ons is almal gelyk voor GOD.

Dit is my gebed dat U o Heer alleen U kerk sal lei as hoof, dat ons as U slawe, vrygekoop in genade U sal dien en sal verheerlik, deur my diensbaarheid en my dankbaarheid want U is Ewig, onbegryplik en inderdaad in alles goed! Amen

Ek droom en glo dat ons as kerk op grondvlak die geloofsmoed sal hê om voor die volgende Sinode al een te word met die plaaslike VGK gemeente (al stoei die leiers na oor al die ander sake) Ek droom oor 'n kerk wat baie minder debatte hou en baie meer by die evangelie, dade van tasbare liefde sal uitkom. Alles met behulp van Bo!

My droom/gebed is om waar ek bly in PE my deel te doen aan die opbou/uitbou van God se koninkryk, tot eer van Sy Naam.

Ons mag nooit ophou soek, ons mag nooit ophou luister. Soek na God se wil in sy Boek. Luister as die Gees fluister. In oorgawe vind ons sy vrede hoër as die mense se rede.

My droom is dat ten spyte van onsekerheid en soms twyfel oor die toekoms van die NG Kerk, die krag van U opstanding opnuut weerspieël sal word in 'n gees van diensbaarheid en

selfverloëning.

Here, lei ons deur die Gees om waaragtig soekende na U wil, u kerk in Oos-Kaapland te laat uitstyg na 'n koninkryk-opbouende liggaam tot U eer.

Ek dank U Here dat ek hier kan wees. Ek het ervaar dat U liefde nog veel groter is as wat ek ooit besef het. Ek droom met verwagting oor wat U vir ons in gedagte het – dis so groot ek kan maar net droom daarvoor! Al die eer aan U, ma Vader in Christus.

Jer 29:13 – Met ons hele hart vra ons na U wil o Heer. Leer ons U wil ken ... en daaraan gehoorsaam wees ... "I surrender" ...

O Here ek soek en tot dusver weet ek nie maar ten spyte van alles weet ek dat ek die Almagtige, die Alwetende liefdevolle en onbegryplike God dien. Hy is die oorwinnaar en Hy het nog nooit verloor nie.

Die mens – ons mense in die Oos-Kaap, in die NG Kerk, in die Sinode wik en weer, praat en dink en luister. MAAR God (Vader, Seun, Heilige Gees) bewerk die antwoord en lei Sy kerk. GOD REGEER!

Droom dat God Sy wil aan my sal openbaar deur die Heilige Gees in Sy Woord rondom die punte hier reeds bespreek. Dis ook my gebed.

My droom is om opnuut so beskikbaar te wees vir God dat ek sal hoor en luister wat Sy wil vir my is – gewillig om my gemaksone te verlaat ter wille van sy Koninkryk, uit Liefde net vir Hom. Dat Hy meer sal word en ek minder.

Dat ons as mense wat ook lidmate van God se NG Kerk is, by ons menslikheid sal verby kyk, ons medemens sal raaksien en op die manier behoue sal bly in ons eenheid met Christus wat ons bely.

Dankie Here vir geleenthede soos die. U vernuwe ons harte. Dan sien ons dinge in 'n ander lig. Om ons koppe skoon te kry van aardse dinge en net u goedheid en genade te kan sien.

Here, die Kerk in Oos-Kaap is U kerk, U liggaam. Versorg asb U kinders soos U dit alleen kan en wil doen. Heilige Gees waai deur ons.

Om hereniging te soek met VGK soos 'n ouer met 'n vervreemde kind. Om homoseksuele te bedien soos Jesus die prostitute en tollenaar sonder om sondes te kondoneer. Om God resloos lief te hê en met geesvervulde harte te loof. Om medemens vurig van Gees en nederig te dien en bedien met evangelie.

My droom: God my weer opnuut sal gebruik. Ek sal help om uitvoering te gee aan Sy droom vir Sy kerk. Ek deur God se genade 'n bydrae kan maak dat ander in nood, met behoeftes, bekommerdes, vroe se drome kan waar word. Ek elke dag God sal ontdek, sal hoor sal gehoorsaam wees.....



My droom is dat ons werklik eendag as een kerk sal lewe, optree en vir mekaar sal omgee. En nie net slegs NG Kerk genoem sal word nie maar werklik NG Kerk vir almal sal wees.

God het kom herbevestig dat Hy ons nooit alleen sal laat, vir ons 'n verwagting het van voorspoed, maar dat ons nooit stil moet word en luister na Sy stem. Hy's nooit te ver om te hoor nie!!! En Hy HET ons lief – verseker.

Dat wêreld / stad God in ons kan sien. Dat God die wêreld deur ons sal raak sien. Dat ons die wêreld in ons voor God sal bely. Dat ons "in die wêreld" vir God 'n verskil sal maak. Dat ons die wêreld in ons voor God sal bely.

Dat God my sal gebruik en vir my 'n visie, hoop en droom sal gee wat duidelik is, en sal waar word! Dat ek sal ontdek dat God 'n positiewe plan vir my lewe het.

Ek droom van 'n kerk wat ten spyte van alle uiterlike aanvegtings en met oorbrugging van alle innerlike verskille (juis die verskille aanwend as 'n reënboog van werktuie) 'n helder en duidelike "Halleluja" laat hoor in die Oos-Kaap en tot aan die eindes van die wêreld.

Ek dank U Here vir groter nederigheid wat U vir ons, U kerk, gegee het. Maak dit toenemend waar in ons soeke na U wil vir ons.

Om meer te luister en te akkommodeer – om steeds minder te word terwyl GOD se teenwoordigheid in my groei – en dit te deel met diegene naaste aan my en verdere "naaste" – so veel as moontlik! Om werklik te verander en verskil te maak.

Dat God ons sal help om die insig te kry. Hoe om werklik kerk van God te wees soos Hy dit bedoel het. Dat ons ook die krag en die wysheid sal ontvang om dit tot uitvoer te bring (prakties).

Ek is weer onseker van vooraf! (die hoeveelste keer!) My droom – is dit dalk van God? Om families te help om mekaar (veral kinders) te help glo in God.

Here maak ons een dat ons U wil duidelik sal sien. Dat ons U sal soek in al ons besluite, nie om populêr te wees nie, maar gehoorsaam aan U Woord te wees wat tog die lamp vir ons voet is. Om mekaar by te staan, te help en vir mekaar te leef.

Dit is 'n eer en voorreg dat die Almagtige God nietige mense gebruik om sy Koninkryk te bestuur en te bevorder. Mans ons as nietige mense altyd die nodige visie en deurstellingsvermoë daarvoor hê om God se koninkryk uit te bou.

Drome herbevestig: Instrument te wees vir God (hond) om Sy plan te volvoer. Te beywer vir die opbou van versoende gemeenskappe.

Die gebed van my hart is dat ons eendag een groot familie van God sal wees, sonder dwang of

voorwaardes en dat ons te alle tye die Skrif as die enigste riglyn sal aanvaar, nieteenstaande die aanslae van die wêreld.

Here, help ons in Oos-Kaapland om 'n kerk van tuiskoms te wees waar almal, mans, vroue, kinders, werkendes, werkloses, homo-seksuele, wittes, swartes, bruines, Afrikaanses, Engelse, Xhosas – almal kan tuiskom om U aangesig te soek en U te verheerlik. Maak ons uitnodigend en uitreikend in die konteks waarbinne U ons geplaas het! Amen

My gebed wat God tot my hart lê is dat die Oos-Kaap Sinode net kan groei in die werk wat hulle tot God se Koninkryk doen. Die omgee vir ander kerke en gemeentes waar dit baie swaar gaan.

Gee my, gee ons 'n nuwe, nuwe lewe, as O Heer. Amen

God het geskep, gemaak, ons en alles wat rondom ons is. Hoekom kan ons dan nie leef en laat leef nie. Ek droom dat alle gelowiges ter eniger tyd, plek of geleentheid die reg sal hê om God te aanbid, te dien en te deel in Sy skepping.

Laat ons 'n insluitende kerk word wat, in navolging van ons Here Jesus, almal – sondaars - sal liefhê en aanvaar, sodat ons 'n kerk sal wees wat die mengelmoes van mense in ons land sal weerspieël. Ons Skeppergod hou van diversiteit! Mag ons aanhou verander, sodat ons in die toekoms net sal besig wees met die goed wat regtig saak maak, waarop dit werklik neerkom.

Dat ek met 'n verwagting vars en seker kan weet/glo en leef dat God vir my 'n toekoms / uitkoms het. Here sien my aan! Wees my swakke sondaar mens genadig!! Amen

Here, ek glo dat U vir my 'n unieke plan het en dit maak my opgewonde. Ek wil teenoor U kom bely dat ek dit wil uitleef en dat niks in my lewe vir my soveel sin en betekenis geen nie. Dankie dat ek sekerheid het dat waarmee ek nou besig is U wil vir my lewe op hierdie tydstep is. Ek vra dat U my klinkklaar sal lei oor wat die toekoms van U plan vir my inhou! Ek het die skoene van bereidwilligheid aan. Ek is lief vir U, my Here Jesus! Amen

Ek is geroep om diensbaar te wees in hierdie kerk om op alle moontlike wyses mense vir Christus te wen. Daaraan verbind ek my opnuut. Chris van Wyk

Here, ek het U stem hier duidelik gehoor. Hou op veroordeel. Steek die hande van Jesus uit om op te help, te gee, te versterk, reg te help waar Hy my stuur en Sy skepsele my nodig het. Help U my Here om die nood te help verlig.

My gebed is dat elkeen hierdie woorde sal ervaar. Mag elkeen vandag God se liefde op 'n baie spesiale manier ervaar.

Here, U het ons gelei... U het ons onsekerhede,

sekerhede gemaak. U het ons as instrumente gebruik om weer vir ons te laat beseft hoe Groot U is en hoe klein en nietig ons is. Gee dat ons sal gaan en hierdie week gaan LEEF daaruit. Dankie vir al U liefde. Amen

Here, dit het vir my gevoel asof U in die natuur die gevoel hier verteenwoordig het. 'n Ongedurige wins, maar U het gebede verhoor. Buite het dit kalm, verdraagsaam en mooi geword en so ook binne. Dankie vir u wonderbaarlike en groot genade.

Dat ons kerk in Oos-Kaap vir mekaar as gemeentes en as lidmate sal liefhê, dra, sorg en omgee soos Christus ons as sondaars liefhet, en Sy lewe gegee het om ons te verlos en so Sy koninkryk laat kom.

My droom is dat al hierdie besprekings in daad moet begin oorgaan. Dat ons ons vrees vir God moet gee, en blindelings die pad in geloof moet loop, want Hy wag vir ons. Dat ons almal nou die verlede sal agterlaat en werklik werk daarvan sal maak om Hom saam te prys en te loof. Ook is dit my gebed dat HY ons sal dra en genadig sal wees hierin.

Here, ek is ook ge-energise, moeg, skuldig, klein, verlos, dankbaar en noem maar op. Sal u my nie asseblief weer daarvan verseker dat U my en my gesin en die gemeente waar ek dien en ons wêreld vashou en liefhet nie ....

Om kerk van Jesus Christus te wees waarin elke lid uit die liefde van God ook vir God – vir mekaar vir ons gemeenskappe en vir die hele wêreld waarlik sal liefde ervaar tot eer van God.

Here, dankie dat U 'n plan het, met my, die geringste van u dienaars met my gemeente, ons klomp sondaars wat egter vergewe is. Met my Ring, wat poog om sout in die aarde en lig in die wêreld te wees. Met my Stad, wat so 'n kontinuum van uiterstes en verskeidenheid verteenwoordig. Met my Sinode wat helder verkondig dat hy luisterend die plan soek voor U aangesig. Sal U Here, ons asseblief seën met U plan, U toekomsplan, U verwagting!

Ek het 'n droom dat mense gelukkig sal wees, geborge sal wees, veilig sal wees. God het my droom hier by die sinode in Port Elizabeth gewys en Hy het vir my bevestig "Ek weet wat ek wil doen". Ek staan nederig, met 'n nuwe visie op die toekoms, op my knieë voor God en ek loof Hom, die Ewige Betroubare God, my Vader.

Dat iets van die liefde en deernis, warmte en omgee van 'n Sinodesitting soos hierdie regtig in ons gemeentes en gemeenskappe 'n werklikheid sal word sodat God verheerlik kan word. 'n Gebed, Here, gebruik my as instrument om my klein deeltjie te gaan doen, daar waar U my geroep het, om U droom te kan waar maak. Amen

Here, vestig ons aandag op U en op wat U deur

ons in u wêreld wil doen. Help ons om U te volg. Help ons om as kerk hartgrondig in u diens vernuwe te word. Breek ons verskriklike sekerheid en vasgevaldheid in tradisie af. Vergewe ons want ons weet nie wat ons doen nie. Ons dink ons verdedig U eer, terwyl ons so halstarrig aan ons eie mensgemaakte godsdiens as kerk vashou. Breek af en bou op, Here!

Een droom wat waar geword het, was dat ons ons eenheid onder mekaar kon vier by hierdie sinode en ek droom van 'n toekoms waar ons ons onderlinge bande net verstewig sal word deur ons fokus op ons roeping as Kerk van Christus in die Oos-Kaap.

**INDEKS : SAKELYS EN HANDELINGE**

**A**

Aanbevelings, 32, 33, 46  
 Administratiewe Handleiding, 1, 31  
 Afgevaardigdes, 1, 2, 3, 4, 31, 40, 43, 46  
 Algemene Predikantevergadering, 6  
 Algemene Sinode, 1, 6, 12, 15, 16, 17, 18, 19, 20,  
 24, 31, 40, 41, 52, 55  
 Amendement, 32, 44  
 Approbasie, 18  
 Artikel 44.1, 6, 42

**B**

Barmhartigheid, 10, 22  
 Bedryfskoste, 11  
 Belhar-Belydenis, 15, 16, 40, 47, 59, 60, 62  
 Bepalings en Reglemente, 1, 15, 31  
 Beskrywingspunt, 1, 6, 7, 15, 31, 32, 33, 39, 43,  
 44  
 Bosberaad, 2, 5, 23, 30, 41  
 Botes-formule, 11, 46  
 Broers, 31, 47  
 Brood, 5, 41, 42  
 Bylae, 2, 6, 31, 39, 41, 42, 46, 52

**C**

Christus, 7, 16, 19, 21, 24, 31, 41, 47, 49, 50, 55,  
 56, 61, 62, 63, 64, 65, 66

**D**

Dagsluiting, 2  
 Dagwyding, 2  
 Direkteur Administrasie, 2, 3, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11,  
 14, 21, 22, 23, 39

**E**

Ekumenies, 5

**F**

Families, 5, 10, 16, 17, 22, 41, 60  
 Finansies, 1, 7, 8, 9, 30, 31, 39  
 Fondsekommissie, 4, 31, 43, 45, 46  
 Formule, 1, 6, 31

**G**

Gebed, 66  
 Geloofsbelydenis, 5, 31, 39, 51  
 Geloofsverklaring, 1, 30, 31  
 Gemeentes, 2, 16, 20, 21, 40, 59, 61  
 Gestuur, 5, 42, 61  
 Getuienis, 10, 22  
 God, 1, 5, 16, 19, 20, 24, 30, 31, 39, 40, 43, 47,  
 48, 49, 50, 51, 52, 54, 55, 56, 57, 59, 62, 63,  
 64, 65, 66

Groepleiers, 3  
 Groepsbesprekings, 31, 40

**H**

Homoseksualiteit, 1, 19, 30, 31, 57, 58  
 Hoop, 57

**J**

Jeug, 10, 22, 51  
 Jongmense, 59

**K**

Kapitaalfondse, 8  
 Kerkhereniging, 1, 6, 15, 30, 31, 40, 41, 51  
 Kerkkantoor, 21, 22, 23  
 Kerkorde, 14, 17, 30, 39, 42  
 Kerkspieël, 5  
 Kerkverband, 40

**L**

Laat stukke, 1, 31  
 Leraars, 4  
 Liturgie, 10, 22  
 Luister, 49, 64  
 Luisterspan, 3, 38, 39

**M**

Model, 16, 40  
 Moderamen, 6  
 Moderatuur, 14

**N**

Navorsing, 10, 22, 57  
 NG Kerk, 1, 5, 6, 10, 12, 15, 16, 17, 18, 19, 20,  
 24, 31, 40, 45, 46, 47, 52, 55, 60, 62, 63, 64,  
 65  
 Noord-Oos-Kaap, 6, 14, 43  
 Notule, 4, 5, 41, 42

**O**

Ontwerpspan, 1, 2, 3, 4, 5, 6, 30, 31  
 Oos-Kaapland, 1, 5, 9, 10, 14, 31, 45, 46, 64, 65  
 Open Space Technology, 41  
 Ordekommissie, 1, 2, 3, 5, 30, 31

**P**

Personeel, 8  
 Predikanteversorging, 5, 10, 41, 42  
 Program, 1, 2, 31  
 Projekgelde, 1, 31

### R

Raadpleging, 17  
Registrasie, 1  
Reglement, 12, 14, 15, 18, 21, 30  
Regskommissee, 3, 4, 31, 33  
Ring, 7, 13, 14, 15, 21, 22, 23, 32, 39, 43, 59, 60,  
62, 66  
Ringe, 1, 6, 14, 21, 22, 23, 31, 42  
Ringsprojekte, 1, 11, 21, 22, 30, 31

### S

Sakelys, 31, 33, 39, 67  
Salarisstelsel, 30  
Seisoen van Luister, 6, 30, 42, 59, 61  
Sinodale Bystandsfonds, 8, 11, 12, 15, 32, 44, 45  
Sinodale Dankoffers, 11, 12, 13, 22, 23, 45, 46  
Sinodale Funksies, 7, 10, 30, 44, 45, 46  
Sinodale Hulpfonds, 8, 11, 12, 14, 15, 21, 22, 32,  
45  
Sinodale Kollekte, 12  
Sinodale Kommissie, 2, 3, 5, 6, 7, 8, 10, 11, 12,  
14, 20, 21, 22, 23, 30, 31, 32, 39, 41, 42, 44,  
45, 46  
Sinodelied, 1, 31  
Sitting, 2, 30  
Skakeling, 4  
Skedule, 23  
Skriba, 7, 32, 33, 39  
Stemmetellers, 4

### T

Terugvoer, 30, 31, 39, 49, 59  
Trustfondse, 8, 11  
Tydelike Kommissie, 3, 4, 7, 31

### V

Verklaring, 1, 31, 47  
Verslae, 31  
Versorging, 61  
Visie, 30, 31, 39  
Voorsitter, 7, 32, 39  
Vrouelidmate, 10, 22

### W

Wandel in die Woord, 30, 38  
Wersaamhede, 2  
Willows, 1, 2, 3, 34

